

DEEL 1

DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALINGS

HOOFSTUK 1

DIE BELYDENIS EN ORDE VAN DIE KERK

Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 2

- 2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.
- 2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.
- 2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

HOOFSTUK 2 DIE AMPTE VAN DIE KERK

2.1 Algemene bepalinge

Artikel 3

3.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van:

3.1.1 die dienswerk¹ van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:

- dié van bedienaar van die Woord²

- dié van ouderling,

- dié van diaken,

om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én

3.1.2 die dienswerk van al die gelowiges³.

3.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.

Artikel 4

Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat hy/sy

- op wettige wyse beroep (of verkies) is,

- die nodige approbasie verkry het, en

- bevestig is nie.

2.2 Die bedienaars van die Woord

Artikel 5

5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

5.1.1 geskiktheid vir die amp⁴;

5.1.2 deeglike teologiese opleiding⁵; en

¹ Geen ampswerk word onder die lidmate van 'n ander gemeente gedoen tensy met die instemming en medewete van daardie gemeente nie.

² "Bedienaar van die Woord" verwys na "leraar", "evangeliedienaar" en "predikant" na "bedienaar van die Woord" en die begrippe het ooreenstemmende betekenis. Waar in hierdie Kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesifiek anders vermeld.

³ Vergelyk *Kerkorde* Art 55.

⁴ Art 5.1.1 vergelyk Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasië van Bedienaars van die Woord, punt 4.1.1.

⁵ Art 5.1.2 vergelyk Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasië van Bedienaars van die Woord punt 4.1.2.

- 5.1.3 ondertekening van die legitimasiEVERKLARING waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.
- 5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Kuratorium.
- 5.2.1 Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens die *Reglement vir die Algemene Kuratorium*.
- 5.3 Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by 'n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.
- 5.3.1 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur 'n plaaslike kuratorium behartig.
- 5.3.2 Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.
- 5.3.3 Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.
- 5.3.4 Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.
- 5.4 Die kuratorium benoem 'n proponentskommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die proponentskommissie het as opdragte:
- 5.4.1 Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.
- 5.4.2 Die afneem van *colloquium doctum*.

Ter inligting

**PLEGTIGE LEGITIMASIEVERKLARING VAN DIE
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK**

Vgl. Kerkorde artikel 5.1.3 (2011)

Ek, die ondergetekende,, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here

1. dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelijdenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;

2. dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

3. dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;
4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;
5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;
6. dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;
7. dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-enige God;
8. dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.

Ek verbind my deur my handtekening tot al die voormelde.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van
20 _____

Geteken in my teenwoordigheid: _____
(Namens die Algemene Bevoegdheidsraad)

Bepaling 5 Die Kuratorium

Sinodebesluit 2012: Die sinode besluit dat bepaling 5 verval maar versoek die STR om 'n reglement vir die kuratorium van die teologiese fakulteit Pretoria saam te stel na oorleg met die GSK en die drie ander sinodes in die Noorde (Handelinge bl. 121 pt. 3.2.1).

Artikel 6

Die verlening van bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word, óf die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Bevoegdheidsraad namens die Algemene Sinode.

Artikel 7

- 7.1 'n Bedienaar van die Woord vir 'n plaaslike gemeente word deur die kerkraad van die gemeente met goedkeuring van die gemeente en die ring, beroep. Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet
 - 7.1.1 die goedkeuring van die gemeente deur afkondiging verkry word;
 - 7.1.2 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie ongeldig verklaar.

- 7.1.3 besware teen 'n beroep of beroepene by die betrokke ring of ringskommissie ingedien word wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer.
- 7.2 Bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband (ring, sinode of Algemene Sinode [vir bevoegdheid vergelyk *Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord en Proponente*, punte 2.3.1 en 2.3.2] word deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde kommissie beroep. Voordat die beroepsbrief afgestuur word, moet
- 7.2.1 die goedkeuring van die kerkverband verkry word deur bekendmaking van die beroep in die Kerkbode en
- 7.2.2 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. Indien nie aan die vereistes voldoen is nie, word die beroep deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde na die kerkvergadering terugverwys vir regstelling, of, indien nodig, word die beroep ongeldig verklaar.
- 7.3 Die beroepsvergadering stel die beroepsbrief op.
- 7.3.1 'n Lid van die ringskommissie, wat nie lid van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad.
- 7.3.2 In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die advies deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde gegee.
- 7.4 Die beroepsbrief is die diensaanbod wat aan die hand van Artikel 9 van die *Kerkorde* die diensopdrag en na aanleiding van Artikel 13 van die *Kerkorde* die diensvoordele van die beroepene omskryf. In gevalle van beroepe deur die kerkverband, word die nodige aanpassings gemaak ten opsigte van die diensopdrag en diensvoordele.
- 7.5 Binne die raamwerk van die *Kerkorde* en die sinodale besluite van toepassing is die bepalinge van die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep⁶.
- 7.6 Na oorweging van die bepalinge van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms waarvolgens die bedienaar van die Woord in diens van die gemeente of die kerkverband gaan tree, finaal opgestel.
- 7.7 Die finale diensooreenkoms met 'n gemeenteleraar word deur die ring of sy gevolmagtigde kommissie en in geval van 'n bedienaar van die Woord in diens van die kerkverband deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde goedgekeur. Hierna word die finale ooreenkoms deur beide partye onderteken en kan die bevestiging plaasvind met inagneming van die ander vereistes vir bevestiging (vergelyk Artikel 8 van die *Kerkorde*).
- 7.8 Hierdie diensooreenkoms kan van tyd tot tyd gewysig word met instemming van beide partye en skriftelike goedkeuring van die ring (of sy gevolmagtigde kommissie) in die geval van 'n gemeenteleraar,

⁶ Vergelyk *Funksionele Besluite*: Bedienaar van die Woord: beroepsbrief en prosedures by beroeping.

en die betrokke sinodale regs-/ kerkordekommissie of sy gevolmagtigde in die geval van 'n leraar in diens van die kerkverband.

Bepaling 7.1 Wie beroepbaar is

7.1.1 Alle predikante en proponente van die familie van die N G Kerke wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie, is beroepbaar.

7.1.2 Emeriti jonger as 65 jaar wat kwalifiseer en in Kerkbode bekendgestel is (vgl Bep 14.3).

7.1.3 Emeriti ouer as 65 jaar wat kwalifiseer aan die hand van die Reglement vir Vaste Termynposte.

Ter inligting

Vir besluite van die Algemene Sinode rakende Beroepbaarheid van Bedienaars van die Woord binne die Familie van NG Kerke: vgl Funksionele Besluit 5, bl. 143 hieronder.

Bepaling 7.2 Wie beroep / benoem

7.2.1 Die beroeping van 'n predikant vir 'n gemeente geskied op 'n kerkraadsvergadering wat minstens een Sondag by 'n erediens, met vermelding van die doel van die vergadering, afgekondig is. Die kerkraad het die reg om telkens by die vergadering waar 'n beroep uitgebring word, die datum van die volgende beroepsvergadering (indien die beroep bedank word) te bepaal. Hierdie vergadering word slegs op een Sondag, gelyktydig met die aankondiging dat die vorige beroep bedank is, afgekondig.

7.2.2 As twee of meer gemeentes, hetsy in die geval van kombinasiegemeentes of waar twee of meer gemeentes 'n bepaalde werksaamheid gesamentlik onderneem, ooreenkom om saam 'n predikant te beroep/benoem [vgl bep. 7.8.3], word die volgende prosedure gevolg:

7.2.2.1 'n Kontrak tussen die betrokke gemeentes, waarin onder andere bepaal word watter deel van die vergoedingspakket van die leraar deur elke kontrakterende gemeente gedra word, waar sy standplaas sal wees, hoe 'n kommissie vir diensverhoudinge saamgestel word, hoe dat tugprosedures hanteer sal word, word opgestel.

7.2.2.2 Die beroep/benoeming word deur 'n kieskollege, wat bestaan uit die gesamentlike vergadering van die betrokke kerkrade, uitgebring.

7.2.3 Leraars wat afgesonder word vir diens in die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, kan beroep word deur

een of meer kerkrade of deur die ring. Beroeping kan ook plaasvind deur die Sinodale Diensraad.

7.2.4 Benoeming van predikante in diens van die kerkverband geskied deur die kerkvergadering of 'n gevolmagtigde kommissie.

Bepaling 7.3 Bykomende vereistes by beroep deur die kerkraad

7.3.1 'n Beroep mag alleen uitgebring word

7.3.1.1 nadat die kerkraad die ring/ringskommissie oortuig het

*1 van die noodsaaklikheid van die vulling van vakature;

*2 van die opsies wat oorweeg is (voltyds / tentmaker / termynpos);

*3 van die finansiële volhoubaarheid van die pos; en

7.3.1.2 nadat die ring/ringskommissie die advies van die sinodale kantoor ingewin het.

7.3.2 Die voorsitter van die vergadering wat 'n beroep uitbring, sien streng toe dat die vereistes van die legitimasiEVERKLARING van predikante by hulle beroeping stiptelik in ag geneem word en dat daar geen propaganda, ooreenkoms of afspraak hoegenaamd by die beroeping sal wees nie. Kerkraadslede is verplig om alles wat in hierdie verband ongerymd is, onder die aandag van die voorsitter te bring.

7.3.3 Nadat hierdie nominasielys gesuiwer is volgens vereistes van bepaling 7.1.1 en vrae oor kandidate gestel is, mag die voorsitter, voordat daar tot stemming oorgegaan word, inligting verstrek in verband met al die genomineerdes, met dien verstande dat hierdie mededelings objektief, nie-propagandisties, saaklik, beheers en tot feite beperk moet wees.

7.3.4 Die beroeping van bedienaars van die Woord geskied met geslote stembriefies en met volstreekte meerderheid van stemme van die stemgeregtigdes wat teenwoordig is. Die beroeping vind plaas op dieselfde vergadering waarop die groslys opgestel is.

7.3.5 By die eerste stemming bring elke stemgeregtigde een stem uit op een van die name op die groslys, en indien niemand by die eerste stemming 'n volstreekte meerderheid van stemme verkry nie, vind 'n tweede stemming plaas tussen die name wat by die eerste stemming meer as een stem gekry het.

7.3.6 Indien niemand in hierdie stadium reeds 'n volstreekte meerderheid van die stemme verkry het nie, vind 'n verdere stemming plaas tussen die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstreekte meerderheid van die stemme getrek het.

7.3.7 Indien ook nou nog geen volstreekte meerderheid gekry is vir een van die name nie, word 'n tweetal gevorm uit die twee name wat die hoogste getal stemme gekry het. Indien twee of meer name dieselfde aantal stemme gekry het, sodat dit nie vanself duidelik is wie op die tweetal moet kom nie, word daar gestem tussen diegene wat ewe veel stemme verkry het, om vas te stel wie op die tweetal moet kom.

7.3.8 Die finale stemming geskied uit die tweetal wat so gevorm is en indien die stemme staak, beslis die lot wie beroep is.

7.3.9 Die voorsitter van die vergadering sien toe dat die beroepsbrief (diensaanbod) opgestel en met behulp van 'n verteenwoordiger van die ringskommissie gefinaliseer word. Die beroepsbrief word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken.

Riglyne

KONTROLELYS

Opmerking: “Besluit” verwys na die betrokke funksionele besluit van die Algemene Sinode. Vgl Funksionele Besluit 4, bl. 142 hieronder.

Wanneer 'n leraar na 'n gemeente beroep word, word die volgende stappe gevolg:

1 Vooraf goedkeuring deur die kerkverband:

1.1 Die ring/ringskommissie moet goedkeuring tot die beroep verleen (bep. 7.3.1).

1.2 Werksaamhede buite die gemeente se grense moet deur die SDR goedgekeur word (bep. 7.9.1).

2 Die kerkraad besluit of hy met of sonder 'n kommissie vir pre-advies wil werk en of hy die ringskommissie en ABR wil vra om name voor te lê.

3 Indien die kerkraad nie 'n kommissie vir pre-advies gebruik nie:

3.1 Die beroepingsvergadering word behoorlik bekendgestel (bep. 7.2.1).

3.2 Lidmate word genooi om name voor te lê (besluit 4.2.1.3).

3.3 Opsioneel: name word aangevra vanaf die ringskommissie en ABR (besluit 4.2.1.2).

3.4 Opsioneel: Die kerkraad kan die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering onder amptelike berigte in die Kerkbode plaas (besluit 4.2.1.4).

3.5 Tydens die beroepingsvergadering plaas kerkraadslede name op die groslys (besluit 4.2.1.1). Die name wat vanaf lidmate (en die ringskommissie/ABR, of na aanleiding van die bekendstelling in *Kerkbode*) ontvang is, word bygevoeg.

3.6 Die kerkraad het die reg om 'n curriculum vitae aan te vra van enige leraar of proponent wie se naam op die groslys verskyn (besluit 4.2.1.5).

3.7 Kerkrade van beroepende gemeentes kan aan bedienaars van die Woord en proponente op die groslys 'n vraelys uitstuur waarin uitdruklike bedieningsgerigte vrae gestel word (besluit 4.2.1.5).

3.8 Die voorsitter kontroleer of almal wie se name op die groslys is, wel beroepbaar is (bep. 7.1). Inligting oor beroepbaarheid kan by die ABR bevestig word. Inligting oor kandidate kan gegee word (bep. 7.3.3).

3.9 Die kerkraadslede stem per geslote stembrief bepaal is wie beroep is (bep. 7.3.4 – 7.3.8).

4 Indien die kerkraad 'n kommissie vir pre-advies gebruik:

4.1 Die beroepingsvergadering word behoorlik bekendgestel (bep. 7.2.1).

4.2 Lidmate word genooi om name voor te lê (besluit 4.2.1.3).

4.3 Opsioneel: name word aangevra vanaf die ringskommissie en ABR (besluit 7b 2.1.2).

4.4 Opsioneel: Die kerkraad kan die naam van die beroepende gemeente en die datum van die beroepsvergadering onder amptelike berigte in die *Kerkbode* plaas (besluit 4.2.1.4).

4.5 Die kerkraad het die reg om 'n curriculum vitae aan te vra van enige leraar of proponent wie se naam op die groslys verskyn (besluit 4.2.1.5).

4.6 Kerkrade van beroepende gemeentes kan aan bedienaars van die Woord en proponente op die groslys 'n vraelys uitstuur waarin uitdruklike bedieningsgerigte vrae gestel word (besluit 4.2.1.5).

4.5 Die kommissie vir pre-advies kies uit die beskikbare name minstens drie wat in alfabetiese volgorde aan die kerkraad voorgelê word (besluit 7b 2.2). Die kerkraad / kommissie vir pre-advies besluit self oor die prosedure waarop die keuse gemaak word (besluit 4.2.1.5).

4.6 Tydens die beroepingsvergadering plaas die pre-advies kommissie al die ingekome name, met 'n aanduiding van die name van hulle keuse, op die groslys (besluit 4.2.2). Kerkraadslede kan name byvoeg (besluit 4.2.2).

4.7 Die voorsitter kontroleer of almal wie se name op die groslys is, wel beroepbaar is (bep. 7.1). Inligting oor beroepbaarheid kan by die ABR bevestig word. Inligting oor kandidate kan gegee word (bep. 7.3.3).

4.8 Die kerkraadslede stem per geslote stembrief om te bepaal wie beroep is (bep. 7.3.4 – 7.3.8).

5. Die voorsitter van die vergadering sien toe dat die beroepsbrief (diensaanbod) opgestel en met behulp van 'n verteenwoordiger van die ringskommissie gefinaliseer word (art 7.3 en 7.3.1; bep 7.3.9). Die beroepsbrief word deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken (bep 7.3.9).

6 Die beroepene word in kennis gestel en die beroepene se naam word aan die gemeente vir approbasie bekendgemaak (bep. 7.4.1).

7 Sodra die approbasietyd verby is, en indien daar nie besware ingekom het nie, kontroleer die ringskommissie of die kerkordelike vereistes vir die beroep nagekom is (bep. 7.4.2) en die beroepsbrief word aan die beroepene gestuur (bep. 7.4.3).

8 Die diensooreenkoms word onderhandel (bep. 7.7.1). Die beroepene gee binne 'n week (of soos ooreengekom) sy finale antwoord (bep. 7.7.1).

Bepaling 7.4 Prosedure in verband met die approbasie en kontrole van 'n beroep

7.4.1 Met die oog op approbasie deur die gemeente, word op twee agtereenvolgende Sondae in die erediens bekendgemaak wie beroep is. Die approbasietyd verstryk aan die einde van die dag waarop die laaste aankondiging gedoen is.

7.4.2 Onmiddellik na die laaste aankondiging van die beroep en die tyd van approbasie deur die gemeente verby is, lê die voorsitter van die beroepende vergadering die volgende stukke aan die ringskommissie voor met die oog op die kontrolering van die kerkordelike vereistes van die beroep:

7.4.2.1 Die beroepsbrief,

7.4.2.2 'n verklaring dat alles in verband met die beroep volgens die kerkorde geskied het.

7.4.2.3 'n verklaring dat daar geen beswaar ingekom het nie.

7.4.2.4 die voorgestelde diensooreenkoms.

7.4.3 Nadat die beroep deur die ringskommissie gekontroleer is, word die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene gestuur.

Bepaling 7.5 Besware teen 'n beroep

7.5.1 Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om tot die dag na die tweede afkondiging van 'n beroep 'n skriftelike beswaar met opgawe van redes by die kerkraad in te dien, en wel op grond van bepaalde klagtes teen die leer of lewe van die beroepene, of op grond van klagtes insake onreëlmatigheid in verband met die uitbring van die beroep

Bepaling 7.6 Behandeling van besware teen 'n beroep

7.6.1 Alle besware wat teen 'n beroep ingebring word, word onmiddellik in die hande van die voorsitter van die kerkraad gestel en word deur die kerkraad in behandeling geneem

7.6.2 As dit besware is insake onreëlmatigheid in verband met die uitbring van die beroep, verwys die kerkraad dit na die ringskommissie vir beslissing.

7.6.3 As dit besware is in verband met die leer of lewe van die beroepene roep die kerkraad die hulp in van die kerkraad onder wie se opsig en tug die beroepene staan. Blyk dit uit die inligting wat deur daardie kerkraad na ondersoek verskaf word dat die besware ongegrond is, word voortgegaan met die beroep. Blyk dit egter dat die besware gegronde is, beslis die kerkraad nadat hy die advies van die ringskommissie ingewin het of die beroep as vervalde beskou moet word.

7.6.4 Indien die kerkraad beslis dat 'n bepaalde beroep vervalde verklaar word, gee die kerkraad aan die beroepene daarvan kennis met opgaaf van redes en word 'n ander beroep uitgebring.

Bepaling 7.7 Beroepsbrief, diensooreenkoms en antwoord

7.7.1 By oorhandiging/versending van die beroepsbrief en die voorgestelde diensooreenkoms aan die beroepene, word 'n tyd afgespreek waarop daar oor die inhoud van die diensooreenkoms onderhandel kan word. Nadat onderhandelinge plaasgevind het en die diensooreenkoms vasgestel is, moet die beroepene binne 'n week - of anders soos ooreengekom - sy finale antwoord gee, en word die diensooreenkoms by ondertekening daarvan van krag.

7.7.2 Die finale diensooreenkoms soos ooreengekom tussen die kerkvergadering en die beroepene word vir finale kontrolering aan die ring/ringskommissie voorgelê

7.7.3 In die geval van beroepe uitgebring volgens bepaling 7.2.1 word die beroepsbrief onderteken deur die voorsitter en skriba van die kerkraadsvergadering. In die geval van beroepe uitgebring volgens die riglyn van bepaling 7.2.2 word die beroepsbrief onderteken deur die voorsitter en skriba van die kieskollege namens die kerkrade, en in die geval van beroepe uitgebring volgens die riglyn in bepaling 7.2.3 word dit onderteken deur die voorsitter en skriba van die betrokke beroepende kommissie.

7.7.4 Wanneer 'n leraar van 'n gemeente 'n beroep na 'n ander gemeente ontvang, moet hy dit aan sy gemeente en kerkraad bekendmaak, indien moontlik gelyktydig met die afkondiging daarvan in die beroepende gemeente.

7.7.5 Wanneer 'n vakature ontstaan of wanneer 'n beroepe leraar vir die beroep bedank, bring die kerkraad binne ses weke 'n beroep uit, tensy reg tot uitstel van die ringskommissie verkry is.

Bepaling 7.8 Werk in 'n gemeente wat sinodaal of andersins ondersteun word

7.8.1 Waar in 'n bepaalde gemeente 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te omvangryk is vir die gemeente om alleen te onderneem, kan die kerkraad by die ring/sinode om finansiële ondersteuning aansoek doen. Indien die aansoek goedgekeur word, word 'n ooreenkoms opgestel. In alle gevalle waar ondersteuning ontvang word, bly die kerkraad die werkgewer. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die werk en die subsidie heroorweeg. Die arbeid kan oor die grense van een gemeente geskied, met in agneming van 'n spesifieke kategoriele bediening of in oorleg met die kerkrade van naburige gemeentes geskied.

7.8.2 Sodanige werksaamheid[hede] kan ook deur meer as een gemeente gesamentlik of deur 'n ring[e] onderneem word.

7.8.3 Een of meer gemeentes kan ook 'n werksaamheid ondersteun wat nie deur een gemeente alleen behartig kan word nie. In so 'n geval benoem elke kerkraad drie persone om saam met die ander betrokke kerkrade 'n kommissie van pre-advies te vorm wat 'n groslys van drie name aan die beroepende kerkraad voorlê. Verslag van werk ten opsigte van hierdie ondersteunde pos word aan die onderskeie ondersteunende gemeentes gelewer.

7.8.4 Die ring kan op dergelike wyse 'n werksaamheid ondersteun. In hierdie geval kry die ringskommissie opdrag om as kommissie van pre-advies op te tree om drie name vir die groslys aan die beroepende kerkraad voor te lê. Verslag van die werk ten opsigte van hierdie pos word dan aan die ring gelewer.

Bepaling 7.9 Werksaamhede buite gemeentegrense

7.9.1 Werksaamhede wat deur gemeentes buite hulle eie grense onderneem word - selfs buite die NG Kerkverband - en waarvoor 'n predikant beroep of benoem word, moet deur die Sinode of Sinodale Diensraad goedgekeur word.

Bepaling 7.10 Tentmakerbediening / standplaasverwisseling / bekendstelling met die oog op 'n beroep

7.10.1 Alle beroepe vir tentmakerbediening geskied volgens die Algemene Sinode se Reglement vir Tentmakerbediening (Reglement 12, Kerkorde 2011).

7.10.2 Alle beroepe vir vaste termynposte geskied volgens die Algemene Sinode se Reglement vir Vaste termynposte (Reglement 13, Kerkorde 2011).

7.10.3 Standplaasverwisseling word hanteer volgens die betrokke besluite van die Algemene Sinode. (Vgl Funktionale Besluit 8.)

7.10.4 'n Leraar wat vanweë siekte van homself of sy gesinslede of ander omstandighede nie meer op 'n spesifieke plek kan arbeï nie kan die Sinodale Diensraad met 'n gemotiveerde versoek nader om bekend gestel te word met die oog op 'n beroep.

Artikel 8

8.1 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord in 'n gemeente geskied nadat:

8.1.1 die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;

8.1.2. die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.

8.1.3 In die geval van 'n bedienaar van die Woord in 'n kerklike betrekking word die volgende aan die ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:

8.1.3.1 'n akte van demissie uit die vorige werkkring.

8.1.4 In die geval van bedienaar van die Woord in 'n nie-kerklike betrekking word die volgende aan die Ring of sy gevolmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:

8.1.4.1 'n getuigskrif van eervolle ontslag; en

8.1.4.2 'n attestaat uit die vorige gemeente.

8.1.5 In die geval van proponente:

8.1.5.1 moet die akte van legitimasië getoon word;

8.1.5.2 moet 'n attestaat by die beroepende kerkraad ingelewer word; en

8.1.5.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.

8.2 Die bevestiging in diens van die kerkverband vind plaas nadat:

8.2.1 die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie of sy gevolmagtigde skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;

8.2.2 al die verlangde stukke getoon en/of ingedien is (vergelyk Artikel 8.1 van die *Kerkorde*); en

8.2.3 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.

8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord/ proponent is om onverwyld kennis aan die Algemene Bevoegdheidsraad te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

Bepaling 8.1 Verlening van demissie

8.1.1 Indien 'n beroep aangeneem word, moet die beroepene skriftelik aan die voorsitter van die kerkraad of konsulent te kenne gee dat hy die beroep aanneem. Die kerkraad van die gemeente waaraan die beroepene verbonde was, onthef hom dan van sy ampsbetrekking tot die gemeente en reik aan hom 'n akte van demissie uit, onderteken deur die voorsitter en skriba van die kerkraadsvergadering wat demissie verleen. Hiervan word kennis gegee aan die Ringskommissie. Op versoek van die kerkraad tree die konsulent of 'n ander leraar van die ring deur hom versoek, as voorsitter op by die vergadering van die kerkraad waar demissie verleen word.

8.1.2 'n Verteenwoordiger van die ring/ringskommissie kontroleer die volgende stukke voordat 'n akte van demissie uitgereik word:

*1 Die geskrewe verklaring van die beroepene waarin hy te kenne gee dat hy die beroep aanneem (vgl bep 8.1.1);

*2 'n Gekrewe verklaring van die kerkraad waarin hy te kenne gee dat die kerkraad beoog om die beroepene van die gemeente los te maak;

*3 Die datums van diensbeëindiging en diensaanvaarding in die nuwe werkring (vgl 8.2.3 soos gewysig).

8.1.3 Indien die beroepene gearbei het in diens van die kerkverband, reik die voorsitter en skriba van die Sinodale Diensraad of die ringskommissie, na gelang van die geval, namens die betrokke kerkvergadering 'n akte van demissie uit.

8.1.4 'n Leraar wie se band met sy gemeente of sy werkring in die kerkverband losgemaak word ingevolge Art 11 of besluit 12b 2.2.8 en 12b 2.3.8 ontvang 'n akte van demissie.

8.1.5 Aan proponente wat tydelik in 'n gemeente werksaam was, oorhandig die kerkraad by hulle vertrek 'n getuigskrif aangaande hulle leer, lewe en arbeid.

8.1.6 Aan leraars wat uit die bediening bedank of wat as gevolg van wangedrag deur 'n tughandeling uit diens van die gemeente ontslaan word, word slegs 'n dienssertifikaat uitgereik.

Bepaling 8.2 Die bevestiging

8.2.1 Die bevestiging van 'n leraar geskied deur 'n leraar van die gemeente, die konsulent of 'n ander leraar wat predikantsbevoegdheid in die NG Kerk het en wat langs ordelike weg daartoe versoek is. Hierdie handeling mag slegs plaasvind nadat skriftelike bevestiging ontvang is van die skriba of 'n ander lid van die ringskommissie dat gekontroleer is dat alle kerklike vereistes nagekom is. Die kerklike vereistes behels insae in die ondertekende diensooreenkoms, die akte van demissie (in die geval van predikante) of die akte van legitimasie, 'n attestaat en 'n getuigskrif soos voorsien in bepaling 8.1.4 (in die geval van proponente) en bevestiging dat pensioen reëlings in orde is (vgl. bepaling 30.4.7).

8.2.2 Registrasie van lidmaatskap van die betrokke vind plaas op grond van die akte van demissie (in geval van leraars) of attestaat (in geval van proponente) onder datum van bevestiging. Die datum van demissie word aangeteken as datum van vertrek.

8.2.3 Die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente, of diensaanvaarding in diens van die kerkverband, geskied op 'n datum soos ooreengekom. Die bevestiging moet so gou doenlik geskied, maar hoogstens een maand nadat die leraar demissie ontvang het, tensy verlof van die beroepende vergadering en die betrokke ringskommissie verkry is aangesien die beroepende kerkraad finansiëel aanspreeklik is vanaf datum van demissie.

8.2.4 In die geval voorsien in bepaling 7.2.2 word die leraar bevestig in die gemeente soos ooreengekom.

8.2.5 Leraars wat afgesonder word vir diens vir die sending/getuienis waar daar nog geen gemeente van die NG Kerkfamilie bestaan nie, word bevestig in die gemeente deur wie hulle uitgestuur word, of in 'n gemeente wat daarvoor uitgekies word wanneer meer as een kerkraad saam, of die ring of sinode hulle uitstuur. Die bevestiging geskied met die oog op hulle uitsending en beteken nie dat hulle as leraars aan daardie gemeentes verbonde is nie (vgl. bepaling 7.2.3).

8.2.6 'n Leraar van die NG Kerk wat 'n beroep aanvaar na 'n gemeente van een van die ander lede van die NG Kerkfamilie, word lidmaat van daardie gemeente en word ook in daardie gemeente as leraar bevestig.

Bepaling 8.3 Kennisgewing aangaande bevestiging

8.3.1 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee van die bevestiging van 'n leraar kennis aan die skriba van die ringskommissie, met toesending van al die betrokke stukke vir kontrole. In die geval van proponente wat bevestig word stuur die skriba van die ringskommissie die gegewens soos vir Vorm 8 benodig aan die aktuaris van die sinode met die oog op die uitreiking van 'n Akte van Bevestiging.

8.3.2 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee aan die ABR, die saakgelastigde van die sinode en in Kerkbode kennis van die bevestiging of diensaanvaarding.

8.3.3 Elke leraar wat in 'n ander werkkring bevestig word of diens aanvaar, gee aan die saakgelastigde van die sinode kennis van die bevestiging, met vermelding van vorige en huidige adres, sodat hy daarvan kennis kan gee aan die Registrateur van Huwelike en, in die geval van proponente, aansoek kan doen om

hulle aanstelling as huweliksbevestigers deur die staat.

Artikel 9

- 9.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.
- 9.2 Die bedienaar van die Woord is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.
- 9.3 Die bedienaar van die Woord funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.
- 9.4 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:
 - eredienste,
 - die opbou van die gemeente,
 - onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
 - die gemeente se dienswerk in die wêreld,
 - leiding en organisering van die gemeente,
 - uitoefening van Christelike liefde en tug,
 - pastorale versorging.Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.
- 9.5 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.
- 9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die bedienaar van die Woord diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

Artikel 10

'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspilte (Artikel 9 van die *Kerkorde*) onder lidmate van 'n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

Artikel 11

- 11.1 'n Bedienaar van die Woord kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hy/sy hou op om bedienaar van die Woord te wees indien diens in die gemeente/kerkverband verlaat word om 'n ander betrekking te aanvaar. Hy/sy kan egter vooraf van die Algemene Bevoegdheidsraad verlof ontvang om proponents-bevoegdheid te behou.

- 11.2 Sodanige behoud van bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat aanvaar word, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.
- 11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van bevoegdheid alleen verleen word indien die Algemene Bevoegdheidsraad, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide*⁷ redes is om 'n ander betrekking⁸ te aanvaar.

Ter inligting

Die ampsbevoegdheid van predikante en proponente word bepaal deur die Reglement vir die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord, Proponente en Emeriti, Reglement 11, Kerkorde 2011.

Bepaling 11.1 Uittrede uit Evangeliediens

Die skriba van die Ringskommissie gee van alle gevalle van uittrede uit die diens deur bedanking of verlies van ampsbevoegdheid aan die saakgelastigde van die sinode kennis sodat:

1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.
2. die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel word.
3. die Predikante Pensioenfonds ingelig word.

Artikel 12

- 12.1 Die bedienaar van die Woord word vir die uitvoering van die amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.
- 12.2 Die bedienaar van die Woord is, as geroepene van die Here deur sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoordig.
- 12.3 Die kerkvergadering gee aan die bedienaar van die Woord die respek en ondersteuning wat 'n geroepene van die Here en sy kerk in staat kan stel om die amp en bediening effektief uit te voer.
- 12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.

⁷ Bona fide redes is wanneer 'n bedienaar van die Woord bedank uit sy werkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optrede. Redes kan inhou dat die leraar vir die huidige nie sy weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

⁸ Met die toekenning van proponentsbevoegdheid, kan die volgende ook oorweeg word, naamlik "dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word".

- 12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vergelyk Artikel 6 van die *Kerkorde*) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as bedienaar van die Woord dien.
- 12.6 Die bedienaar van die Woord se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van bevoegdheid ingevolge die *Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord en Proponente*.
- 12.7 Die betrokke kerkvergadering kan die dienste van 'n bedienaar van die Woord in die volgende gevalle beëindig:
- 12.7.1 op grond van wangedrag;
- 12.7.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering;
- 12.7.3 op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes (insluitend finansiële onvermoë).

Artikel 13

Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, sien om na sy geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir sy bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud soos ooreengekom⁹.

Bepaling 13.1 Beëindiging van vorige en begin van nuwe verantwoordelikheid

13.1.1 Alle verpligtings van 'n gemeente of meerdere vergadering teenoor 'n leraar in sy diens, met insluiting van verlof en alle ander toelaes moet afgehandel wees by die datum van diensbeëindiging.

13.1.2 Die verantwoordelikheid van die gemeente of beroepende vergadering of benoemende meerdere vergadering begin op die datum soos ooreengekom in die diensooreenkoms. Dit geld ook in geval van proponente.

Bepaling 13.2 Waarin die verantwoordelikheid bestaan

13.2.1 Elke leraar ontvang 'n vergoedingspakket soos ooreengekom en met inagneming van sinodale besluite, reglemente en riglyne. Die vergoedingspakket sluit minstens die volgende in:

1. 'n Traktement soos deur die sinode aanbeveel;
2. Gebruiklike toelaes soos deur die sinode aanbeveel wat insluit:
 - * 'n Reistoelaag;
 - * 'n Vry woning of 'n behuisingssubsidie;
 - * Kommunikasievoordele vir amptelike gebruik;
 - * 'n Werknemersbydrae vir mediese- en pensioenfondse;
 - * Verlof aan die hand die Reglement van Verlof van Predikante en Sinodale amptenare (Algemene Sinode Reglement 14).

⁹ Vergelyk die A tot Z-beleid soos vervat in die Kerkordeboek.

13.2.2 Wanneer 'n beroepene 'n beroep aanneem is die beroepende gemeente/kerkvergadering verantwoordelik vir:

13.2.2.1 die vervoer van hom en sy gesin (reiskoste vir 'n maksimum van twee motors);

13.2.2.2 die verpakking, versekering en vervoer van sy persoonlike besittings en boekery.

13.2.3 In geval 'n beroepene oorsee woonagtig is, is die beroepende gemeente verantwoordelik vir die binnelandse vervoer van hom, sy gesin, en sy persoonlike besittings en boekery. Verdere finansiële hulp in verband met vervoer kan oorweeg word, maar is geen verpligting nie.

Artikel 14

14.1 'n Bedienaar van die Woord emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal¹⁰.

14.2 'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalifiseer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwee/wewenaar en wese van die bedienaar van die Woord.

14.3 'n Emeritus kan, met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak beroep word (vergelyk die *Reglement vir Vaste Termynposte, punt 4*).

14.4 'n Emeritus wat weens verswakte gesondheid emeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Bevoegdheidsraad.

Bepaling 14 EMERITAAT

14.1 Aanvaarding van emeritaat:

14.1.1 Emeritaat weens ouderdom word nie verleen alvorens 'n leraar nie die minimum ouderdom van 55 jaar bereik het nie.

14.1.2 Verlening van emeritaat weens verswakte gesondheid geskied volgens voorskrif van die Reglement van die Predikante Pensioenfonds.

14.1.3 Emeritaat om ander redes kan slegs verleen word na oorleg tussen die betrokke kerkvergadering en die Algemene Regskommissie.

14.2 Kennisgewing aangaande emeritaat:

Die emeritus gee kennis van emeritaat aan die Saakgelastigde van die Sinodale Kerkkantoor, sodat:

1. die Registrateur van Huwelike daarvan verwittig kan word.

¹⁰ Vergelyk Funkisionele Besluite: Bedienaar van die Woord: aftreeouderdom.

2. die Algemene Bevoegdheidsraad in kennis gestel kan word

14.3 Terugkeer van emeriti tot die bediening. (vergelyk Bep. 7.1.2.)

Enige predikant wat om watter rede ook al emeritaat aanvaar het, maar wat volgens ouderdom nog sou kon kwalifiseer om beroep te word en wat begeer om tot die bediening terug te keer, moet daarvoor aansoek doen by die Sinodale Taakspan Regte. Die aansoek, waarin verklaar word dat die emeritus in staat is om weer voltyds diens te aanvaar, moet 'n aanbeveling van die ring waar hy woon, asook 'n mediese sertifikaat van 'n geneesheer wat deur die Sinodale Taakspan Regte aangewys is, bevat. Kennis van die beroepbaarstelling met stawende dokumentasie word aan die Algemene Bevoegdheidsraad gestuur.

14.4 Pensioen en versorging van weduwees en/of wese van leraars

14.4.1 Elke kerkvergadering wat 'n predikant onderskeidelik beroep of benoem, is verplig om voorsiening te maak vir pensioenvoorregte volgens die bepalinge van die reglement. Die kerkvergadering is verantwoordelik vir die werkgewersbydrae volgens die formule waarop die sinode besluit het.

14.4.2 Tentmakers / termynposte: vergelyk Reglemente 12 en 13 (Kerkorde 2011).

14.5 As 'n evangeliedienaar te sterwe kom, en hy laat 'n weduwee¹¹ en/of afhanklike kinders na, betaal die werkgewer 'n bedrag gelykstaande aan die volle traktement en alle toelaes wat vir ses maande lank aan die betrokke pos verbonde sou wees, aan sy afhanklikes uit. Waar die werkgewer 'n gratis woning voorsien het, voorsien die werkgewer ook doeltreffende huisvesting of 'n huistoelaag vir ses maande (volgens die skaal soos bepaal deur die Algemene Taakspan Fondse). Die werkgewer kan die uitgawes vanaf die verpligte addisionele groeplewensversekeringskema verhaal.

2.3 Ouderlinge en diakens

Artikel 15

15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die belydenis van die Kerk.

15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.

Bepaling 15.1 Deur wie die verkiesing geskied

15.1.1 In bestaande gemeentes geskied die verkiesing deur 'n kerkraadsvergadering.

¹¹ Vir manlike/vroulike terminologie: vgl voetnoot 2 by Art. 3.1.1.

15.1.2 In nuutgestigte gemeentes geskied die verkiesing van kerkraadslede deur 'n vergadering van lidmate wat daartoe opgeroep is (Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes; Reglement 21, Kerkorde 2011, punt 1.1.7).

Bepaling 15.2 Wie as kerkraadslede mag dien

15.2.1 As kerkraadslede mag alleen ongesensureerde, ingeskrewe, belydende lidmate van die gemeente dien. Oor hierdie persone moet daar goeie getuienis wees vir sover dit hulle leer en lewenswandel aangaan.

15.2.2 Bevestiging van iemand as 'n kerkraadslid mag alleen geskied nadat sy atestaat by die gemeente ingedien is.

Bepaling 15.3 Hoe die verkiesing van kerkraadslede plaasvind

15.3.1 By die nominasie vir kerkraadslede kan die kerkraad gebruik maak van 'n kommissie(s) van pre-advies om name van lidmate voor te lê vir die onderskeie vakatures. Lidmate van 'n wyk of groep wat deur 'n kerkraadslid bedien word, kan vir doeleindes van kerkraadsverkiesing ook as 'n kommissie van pre-advies dien. Nominasies kan ook nog ter vergadering deur lede van die vergadering voorgelê word, skriftelik of mondeling, soos die kerkraad daarvoor besluit.

15.3.2 Die nominasielys wat so saamgestel is, word volgens vereistes van bep. 15.2 gesuiwer en daarna mag, voordat tot die verkiesing oorgegaan word, saaklike inligting oor die genomineerdes verstrek word deur die voorsitter, of 'n ander lid van die vergadering.

15.3.3 Indien daar net soveel of minder name op die nominasielys verskyn as die aantal persone wat verkies moet word, kan die genomineerdes by wyse van 'n onbestrede mosie verkose verklaar word. Indien daar nie 'n onbestrede mosie verkry word nie, word sonder verdere bespreking met stembriewe gestem. Verkosenes word met 'n volstreckte meerderheid van stemme verkies of in die geval van staking van stemme deur die lot aangewys.

15.3.4 Indien daar meer name op die groslys verskyn as die aantal wat gekies moet word, moet elke lid soveel name op die stembrief plaas as wat verkies moet word. Diegene wat 'n volstreckte meerderheid van stemme verkry, is verkies. Indien dit nie die vereiste aantal oplewer nie, word oorgestem tussen die oorblywende name op die groslys, totdat die benodigde aantal persone met volstreckte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme by die finale stemming staak, beslis die lot wie verkies is.

15.3.5 Geen lid mag buite stemming bly sonder verlof van die vergadering nie.

15.3.6 In die geval waar in 'n gemeente om watter rede ookal minder as 10 kerkraadslede oorgebly het en daar dus nie 'n wettige kerkraadsvergadering gehou kan word nie, word nuwe/addisionele kerkraadslede gekies by 'n gemeentevergadering onder leiding van die ringskommissie.

Bepaling 15.4 Die dienstyd van kerkraadslede

15.4.1 'n Bepaalde dienstermyn

15.4.1.1 Die dienstermyn van kerkraadslede word deur die kerkraad bepaal en behoort nie langer as vier jaar te wees nie.

15.4.1.2 'n Kerkraadslid word gekies vir 'n bepaalde dienstermyn. By verstryking van die dienstermyn kan die dienstyd op versoek van die kerkraad en met instemming van die betrokke verleng word sonder verdere bevestiging.

15.4.2 Kerkraadslede van wie 'n dienstermyn verstreke is (vergelyk bepaling 15.4.1), bly in diens totdat hulle plaasvervangers bevestig is, tensy die kerkraad anders besluit.

15.4.3 Kerkraadslede wat gedurende hulle dienstyd bedank, se bedanking is van krag vanaf die oomblik waarop dit skriftelik by die voorsitter van die kerkraad ingedien is. 'n Kerkraadslid wat weens verhuising uit die gemeente ophou om lidmaat te wees, hou ook op om kerkraadslid te wees (vgl. Bep. 15.2.1), behalwe as die nuwe gemeente toestemming verleen dat die betrokke kerkraadslid mag bly in die gemeente waar hy/sy kerkraadslid was. (Vgl. Riglyne vir Praktiese Hantering van Lidmaatskap by Bep 26.5.)

15.4.4 In die geval van die eerste kerkraadslede wat in 'n pasgestigte gemeente gekies word, verstryk die helfte (soos deur die lot aangewys) se eerste dienstermyn aan die einde van die eerste volle kerkjaar, met dien verstande dat hulle op versoek ook kan instem om daarna vir 'n volle dienstermyn diens te doen. Dit word op so 'n wyse gedoen dat waar kerkraadslede wyksgewys verkies is, telkens slegs óf die ouderling óf die diaken van 'n bepaalde wyk na die eerste jaar uittree.

Bepaling 15.5 Approbasie deur die gemeente

15.5.1 Behalwe in die geval van die eerste kerkraadslede van 'n nuwe gemeente wat sonder enige afkondiging en na indiening van attestaat bevestig mag word, moet die name van diegene wat as kerkraadslede gekies is, op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig word om te verneem of enige lid van die gemeente beswaar het teen diegene wat gekies is.

15.5.2 Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om met opgawe van redes teen een of meer van die verkosenes

skriftelik by die voorsitter van die kerkraad beswaar te maak. Die approbasietyd verstryk aan die einde van die dag waarop die laaste aankondiging gedoen is. Die beswaar kan handel oor die leer of lewe van die verkosenes of teen die prosedure van verkiesing.

15.5.3 As 'n beswaar teen een of meer van die verkosenes by die voorsitter van die kerkraad ingedien word, word die betrokke verkosene van die beswaar in kennis gestel en word so spoedig moontlik 'n kerkradsvergadering belê om dit te oorweeg. Vind die kerkraad na ondersoek die beswaar gegrond, word die bevindinge aan alle betrokkenes meegedeel en verval die verkiesing van die betrokke persoon. Indien die beswaar ongegrond blyk te wees, word al die betrokkenes ingelig en mag die bevestiging plaasvind indien die verkiesing aanvaar word.

Bepaling 15.6 Die bevestiging van kerkradslede

15.6.1 Lidmate wat hulle verkiesing as kerkradslede aanvaar, moet verkieslik skriftelik daarop antwoord en word so gou as moontlik na die approbasietydperk in die amp bevestig, tensy daar besware ingekom het.

15.6.2 Die bevestiging geskied in 'n erediens namens die kerkraad deur 'n leraar van die gemeente, die konsulent of 'n ander leraar wat ampsbevoegdheid in die NG Kerk het en wat langs ordelike weg daartoe versoek word.

Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding, versorging, leiding, bestuur en toesig, en omvat:

16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;

16.1.2 die regering van die gemeente;

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;

16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;

16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;

16.1.8 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het¹²;

16.1.9 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.

16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.9 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling.

Artikel 17

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:

¹² Vergelyk Art 48.3.5 van die *Kerkorde*.

- 17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;**
- 17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;**
- 17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;**
- 17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;**
- 17.1.5 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.**
- 17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 17.1.1 tot 17.1.5 die bedieningsverantwoordelikheid van elke diaken.**

HOOFSTUK 3 DIE VERGADERINGE VAN DIE KERK

3.1 Algemene bepalinge

Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode.

Bepaling 18 Ordereëls vir kerklike vergaderings

Die volgende ordereëls word by alle kerklike vergaderings in die sinodale gebied van die Noordelike Sinode en, waar dit van toepassing kan wees, by alle vergaderings van kerklike kommissies/ taakspanne, in ag geneem.

18.1 Alle vergaderings is oop vergaderings. Vergaderings behoort geslote te wees wanneer persoonlike inligting bespreek word, byvoorbeeld by die behandeling van tugsake, die verkiesing van kerkraadslede of die beroeping van predikante.

18.2 Al die lede is verplig om die vergaderings by te woon en om, as hulle nie verskyn nie, met opgawe van redes, betyds daarvan kennis te gee. 'n Presensielys word gehou.

18.3 Lede mag nie die vergadering verlaat sonder verlof van die voorsitter nie.

18.4 Verlof tydens die sinodesitting:

18.4.1 Die kommissie verantwoordelik vir die opstel van die agenda en voorbereiding vir die vergadering van die sinode, maak telkens die reëlings soos van toepassing op die betrokke vergadering bekend.

18.5 Behoudens bepaling 18.5.1 hieronder vorm die meerderheid van die lede van 'n vergadering 'n kworum.

18.5.1 By die kerkraad is 'n kworum die meerderheid van die gevulde poste.

18.5.1.1 In uitsonderlike gevalle mag die ring/ringskommissie op 'n goed gemotiveerde versoek van 'n kerkraad die kworum tot 'n derde van die getal kerkraadslede verminder en dit geld tot by die volgende ringsitting.

18.5.2 By die ring is 'n kworum minstens twee derdes van die afgevaardigdes soos per geloofsbrief.

18.5.3 By die sinode is 'n kworum minstens twee derdes van die afgevaardigdes soos per geloofsbrief.

18.6 Na die opening van die vergadering word die agenda vasgestel.

18.6.1 Verslae van kerkvergaderings:-

18.6.1.1 Elke kerkraad besluit self oor die beskikbaarheid van sy verslae. Vertroulike verslae word tydens vergaderings versprei en die kerkraad besluit hoe dit hanteer moet word met inagneming van die eise van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet nr. 2 van 2000).

18.6.1.2 Elke ring besluit self oor die beskikbaarheid van sy verslae.

18.6.1.3 Die sinode plaas geen embargo op sy verslae nie tensy die moderatuur anders oordeel oor 'n bepaalde verslag[e].

18.6.2 Gedeeltes van verslae waarvan 'n vergadering slegs kennis neem maak nie deel uit van 'n vergadering se besluite nie en moet as sodanig hanteer word.

18.7 Die voorsitter stel die sake wat behandel moet word aan die orde en wel in die volgorde wat vir hom die geskikste voorkom. Hy verskaf alle nodige inligting en doen, as die saak dit vereis, wenke aan die hand om die vergadering te help om tot 'n besluit te kom. Die voorsitter het die reg om 'n saak na 'n bepaalde ad hoc-kommissie te verwys met verslag aan die vergadering.

18.8 Wanneer twee of meer lede om 'n spreekbeurt vra, bepaal die voorsitter die volgorde van die spreekbeurte. Geen lid mag meer as twee maal oor dieselfde saak praat nie, en by sinodale vergaderings nie meer as een maal nie, behalwe die voorsteller wat reg van repliek het.

18.9 By die sinode word 'n spreekbeurt beperk tot 'n maksimum van vyf minute. Afsonderlike spreekbeurte word nie toegestaan aan persone wat nie lede van die sinode is nie, behalwe in die geval van predikante/amptenare in diens van die sinode. Hoogs uitsonderlike aansoeke word deur die moderatuur hanteer.

18.10 'n Ordemosie moet 'n voorstel behels oor die volgorde waarin sake ter tafel moet kom, of die beëindiging van die bespreking van 'n bepaalde punt beoog, of voorstel dat van 'n bepaalde saak afgestap moet word, en kan te enige tyd gedurende die voortgang van die bespreking ingedien word. Dit word egter aan die oordeel van die voorsitter gelaat om die mosie te weier as hy van mening is dat dit aangewend word om 'n behoorlike bespreking van die onderwerp te voorkom.

18.11 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

18.12 Alle mosies en los voorstelle moet voor die tyd skriftelik by die voorsitter ingehandig word, wat na goëddunke die saak hanteer. By die sinode word dit deur die moderatuur behartig.

18.13 In die bespreking wend elke lid hom tot die voorsitter en onthou hom van alles wat in stryd is met die waardigheid van 'n kerklike vergadering. 'n Persoon wat onordelik optree, word tot orde geroep. Indien hy nie gehoor gee nie, kan hy met die toestemming van die vergadering, gevra word om die vergadering te verlaat.

18.14 Oor 'n saak wat aan die orde is, kan net een voorstel op 'n keer voor die vergadering dien. Amendemente op die voorstel kan ingedien word en het te doen met die wysiging van, byvoeging tot, of weglating uit die voorstel. Die voorstel en amendement moet skriftelik en gesekondeer ingedien word en kan alleen met verlof van die vergadering teruggetrek word. As die voorstel teruggetrek word, tree die eerste amendement in die plek van die voorstel en so vervolgens in hierdie orde.

18.15 Geen voorstel of amendement mag deur die voorsitter ontvang word voordat hy die saak aan die orde stel nie. Die voorsitter behoort reg aan die begin van die vergadering, voordat die eerste verslag aan die orde gestel word, dit baie duidelik as 'n vaste reëling aan te kondig dat geen spreekbeurte aangevra mag word alvorens 'n saak aan die orde gestel is nie. Die reëling moet konsekwent gehandhaaf word.

18.16 Oor elke saak moet afsonderlik vir en teen gestem word. Die amendemente word eers tot stemming gebring en wel (as algemene reël) so dat oor dié wat die laaste ingedien is, die eerste gestem word en so vervolgens in opklimmende volgorde. Indien die vergadering egter hierdeur in 'n impasse kom, mag die voorsitter, met instemming van die vergadering die volgorde van hantering van amendemente so hanteer (vgl bep 18.7) dat die vergadering daardeur tot sinvolle besluitneming gelei word. Amendemente wat aanvaar word, wysig die voorstel. Daarna word vir en teen die oorspronklike (as al die amendemente verwerp is) of die geamendeerde voorstel gestem. Oor alle sake word met volstrekke meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes besluit.

18.17 Elke lid van die vergadering moet stem. Persone wat die vergadering met adviserende stem bywoon, het die reg om aan die besprekings deel te neem, maar mag nie stem nie. Dit staan enige lid vry om sonder of met 'n saaklike opgawe van redes, te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel of amendement gestem het of dat hy nie teenwoordig was toe 'n bepaalde besluit geneem is nie. Stemming geskied met geslote stembriewe of met opsteek van hande soos deur die voorsitter gereël of deur die vergadering besluit.

18.18 By staking van stemme kan die voorsitter die saak verwys na 'n ad hoc-kommissie waarvan hyself ook deel is, om 'n prosedure vir die verdere hantering

aan die vergadering voor te lê. Daar kan ook gebruik gemaak word van die lot, indien die vergadering met 'n meerderheidsbesluit so verkies.

18.19 Revisie

Besluite kan in hersiening geneem word:

18.19.1 Besluite van dieselfde vergadering:

18.19.1.1 Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrekkend word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waarvoor die besluit handel, word nie toegelaat nie.

18.19.1.2 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

18.19.1.3 Indien revisie toegestaan word, word die besluit tydens die vergadering in behandeling geneem op 'n tyd soos deur die voorsitter gereël.

18.19.2 Besluite van die verlede:

18.19.2.1 Kerkraadsvergaderings:

Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrekkend word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waarvoor die besluite handel, word nie toegelaat nie.

18.19.2.1.1 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

18.19.2.1.2 Indien revisie toegestaan word, word die besluit by 'n volgende vergadering in behandeling geneem.

18.19.2.2 Meerdere vergaderings:

Besluite van meerdere vergaderings word na vooraf skriftelike kennisgewing in behandeling geneem. Verslae van kommissies en beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word geag genoegsame skriftelike kennisgewing te wees.

18.19.3 Hantering van revisie:

Wanneer die revisie behandel word, is die saak waarvoor dit gaan oop vir bespreking, en word 'n voorstel en amendemente opnuut ingedien.

18.20 Die goedkeuring van notules geskied soos volg:

18.20.1 Die notule van kerkraadsvergaderings word by die volgende vergadering goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Wanneer nodig kan 'n kerkraad bepaal dat 'n kladnotule voor die vergadering gelees, deur die vergadering goedgekeur en deur die voorsitter onderteken word.

18.20.2 Die notule van ringsvergaderings word by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die voorsitter en skriba onderteken. Die laaste sitting se

notule word na die ringskommissie verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.

18.20.3 Die notule van die sinode word so ver moontlik by die volgende dagsitting goedgekeur en deur die moderatuur onderteken maar die laaste sitting se notule word na die moderatuur verwys vir kontrolering, goedkeuring en ondertekening.

18.20.4 Elke bladsy van 'n notule word geparafeer en die laaste bladsy word volledig geteken.

18:21 Geldigheid van besluite

18.21.1 Kerkraadsbesluite is van krag vanaf die oomblik dat dit goedgekeur is, behalwe as die kerkraad anders besluit.

18.21.2 Besluite van die ring en sinode is van krag sodra die vergaderingsnotule goedgekeur is behalwe as die ring/sinode anders besluit.

18.22 Telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings

18.22.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die kerklike vergaderings van die Noordelike Sinode is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:

1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die kerklike vergadering onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.

1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende gewone vergadering van die kerklike vergadering voorgelê vir goedkeuring.

18.22.2 Die prosedure is soos volg:

2.1 Die dagbestuur van die kerklike vergadering stel 'n verslag op in verband met die saak waaroor die vergadering besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaroor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.

2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die vergadering versend.

2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.

2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende gewone vergadering van die vergadering voorgelê vir goedkeuring.

Artikel 19

Die opsig oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Artikel 20

20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag¹³ deur Christus aan hulle toevertrou.

¹³ Vergelyk Art 3 en 21 van die *Kerkorde*.

- 20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode en die Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.

Artikel 21

Die kerkvergadering behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

Artikel 22

22.1 In meerdere vergadering word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergadering en wat nie in mindere vergadering afgehandel kon word nie.

22.2 'n Meerdere vergadering kan optree indien 'n kerkraad of ring nie meer bestaan nie of nie kan konstitueer nie.

Artikel 23

23.1 Die besluite van vergadering of hulle gevolmagtigde kommissies is bindend, maar daarvoor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde kommissie gegaan word.¹⁴

23.2 Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.

Artikel 24

Die handeling van elke vergadering word daagliks met Skriflesing en gebed begin en met danksegging beëindig.

Artikel 25

Elke vergadering moet 'n voorsitter hê wat verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering, en 'n skriba wat die handeling van die vergadering opteken.

3.2 Besondere bepalinge

3.2.1 Die kerkraad

Artikel 26

26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug in die gemeente toevertrou is.

26.2 Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens¹⁵.

¹⁴ Indien 'n kerkvergadering van 'n appèlkommissie gebruik maak, wys hy na goëddunke die kommissie aan.

¹⁵ Vergelyk NGB Art 30.

Bepaling 26.1 Samestelling van die kerkraad

26.1.1 Die kerkraad bestaan uit minstens tien lede. Daar moet sover as moontlik 'n gelyke getal ouderlinge en diakens wees.

26.1.2 Kerkraadslede word gekies om medetoesig te hou oor die gemeente en nie noodwendig vir 'n bepaalde wyk nie.

26.1.3 Die kerkraad stel vas wat die bepaalde taak is wat aan elke kerkraadslid toegewys word volgens artikels 16 en 17 van Die Kerkorde. Die kerkraad moet ter wille van doeltreffende bearbeiding en organisasie die gemeente so indeel dat alle lidmate pastoraal versorg word. 'n Spesifieke opdrag met betrekking tot besondere werksaamhede van die gemeente kan ook aan 'n kerkraadslid gegee word.

Bepaling 26.2 Huishoudelike bepalings van die kerkraad

Die kerkraad kan huishoudelike bepalinge opstel vir sy vergaderings, werksaamhede en vir diè van die amptenare en kommissies wat deur hom aangestel word. Dergelyke bepalings mag nie in stryd wees met die Woord van God, die Kerkorde en die Aanvullende Bepalings en ander besluite van die Algemene Sinode of die Noordelike Sinode nie.

Bepaling 26.3 Kommissies/taakspanne van die Kerkraad

26.3.1 Die kerkraad behoort jaarliks - of dan vir 'n termyn soos waarop die kerkraad besluit – kommissies/taakspanne te benoem om hom te help in die uitvoering van die gemeente se werksaamhede. Lede van kommissies/taakspanne hoef nie noodwendig kerkraadslede te wees nie. Aandag moet gegee word aan kundigheid, belangstelling en waar moontlik gesonde kontinuïteit.

26.3.2 Die kerkraad benoem 'n kommissie/taakspan wat die diensverhouding tussen die kerkraad as werkgewer en die werknemers van die kerkraad hanteer ooreenkomstig die besluite van die Algemene Sinode by Artikel 12 en met inagneming van toepaslike wetgewing van die staat soos verreken in die Kerkorde.

BEPALINGS INSAKE LIDMAATSKAP

Bepaling 26.4 Uit wie die gemeente bestaan

Elke gemeente bestaan uit

26.4.1 die belydende en dooplidmate wat binne die bepaalde grense, vir die gemeente deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is;

26.4.2 die nog ongedoopte kinders van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan;

26.4.3 lidmate aan wie kragtens bep. 26.5 lidmaatskap verleen is.

Bepaling 26.5 Lidmaatskap

Kerklike lidmaatskap en die oordrag van kerklike lidmaatskap word hanteer volgens die betrokke besluite van die Algemene Sinode.

Ter inligting
Vgl Funktionale Besluit 22, bladsy 151 tot 154, vir die betrokke besluite van die Algemene Sinode.

Bepaling 26.6 Terugkeer tot en oorkoms na die kerk

26.6.1 In alle gevalle van terugkeer tot en oorkoms na die kerk, handel die kerkraad ooreenkomstig die riglyne van die Algemene Sinode soos vervat in Reglement 20: Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe.

Bepaling 26.7 Register vir Doop- en Belydende Lidmate

26.7.1 Die praktiese onderskeiding van dooplidmate en belydende lidmate word gehandhaaf om uitdrukking te gee aan die verskil in verantwoordelikhede rondom lidmaatskap.

26.7.2 Die kerkraad sorg vir 'n behoorlike doop-en lidmateregister op skrif in elke gemeente. 'n Gerekenariseerde register alleen, is nie aanvaarbaar nie.

26.7.3 Die kerkraad moet jaarliks afskrifte van die doop- en lidmateregister laat maak en dit deur 'n kommissie/taakspan van die kerkraad namens die kerkraad laat nasien en onderteken. Die kerkraad is daarvoor verantwoordelik dat die afskrifte by die argief ingedien word.

Bepaling 26.8 Beëindiging van lidmaatskap

26.8.1 'n Persoon hou op om lidmaat van die gemeente te wees:

26.8.1.1 Wanneer hy uit die gemeente vertrek.

26.8.1.2 Wanneer hy met toestemming by 'n ander gemeente van die NG Kerk inskakel.

26.8.1.3 Wanneer hy skriftelik bedank of versoek dat sy lidmaatskap beëindig word.

26.8.1.4 Wanneer 'n persoon hom, na ondersoek en volgens oordeel van die kerkraad, deur woord en daad van die gemeente afskei.

26.8.1.5 Wanneer gehandel word langs die weg van die kerklike tug wat uitloop op afsnyding van die gemeente.

26.8.2 In al die genoemde gevalle vind die administratiewe hantering plaas volgens die neergelegde bepalinge in die Argiefreglement. (*Doen navraag by die Argief, Stellenbosch.*)

26.8.3 Wanneer 'n persoon as lidmaat bedank (Bep. 26.8.1.3), is die bedanking van krag sodra dit deur die kerk ontvang is. In hierdie geval word die kerk geag die kerkkantoor of die voorsitter van die kerkraad te wees.

Bepaling 26.9 Vermeerdering / afstigting van gemeentes

26.9.1 Vermeerdering / afstigting van gemeentes word gedoen volgens Punt 1 (Vermeerdering/ Afstigting van gemeentes) in Reglement 21, Kerkorde 2011.

Artikel 27

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade¹⁶ duidelik omskewe bevoegdhede gee, wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.

Artikel 28

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.

28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die bedienaar(s) van die Woord en ouderlinge.

28.3 Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die bedienaar(s) van die Woord indien die voorsitter nie 'n bedienaar van die Woord van die gemeente is nie.

28.4 Indien die plaaslike bedienaar(s) van die Woord nie by 'n gewone of buitengewone kerkradsvergadering teenwoordig kan wees nie óf

¹⁶ Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit die bedienaar/s van die Woord, ouderlinge en diakens, aangewys deur die kerkraad. Met die term "gedesentraliseerde kerkraad" word enige groepering in die gemeente verstaan.

indien die gemeente vakant is, woon die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord (dienend of geëmeriteerd), deur die ring of sy gevolmagtigde daartoe aangewys, die vergadering adviserend namens die ring by, met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

Bepaling 27.1 Predikantswyke en wykskerkrade

27.1.1 Wykskerkrade kan op een van twee maniere gevorm word:

27.1.1.1 Elke predikantswyk kan 'n eie wykskerkraad vorm; of

27.1.1.2 'n aantal wyke saam kan 'n wykskerkraad vorm sodat daar in 'n predikantswyk meer as een wykskerkraad kan wees; of

27.1.1.3 twee of meer predikantswyke kan in 'n makro-opset saam 'n wykskerkraad vorm.

27.1.2 Wykskerkrade kan alleen gevorm word nadat:

27.1.2.1 Die kerkraad formeel 'n besluit tot desentralisering met 'n twee-derde meerderheid geneem het; en

27.1.2.2 die ooreenkoms vir desentralisering deur die ringskommissie vir kerkordelike korrektheid gekontroleer is.

27.1.3 Desentralisering behels wykskerkrade wat wyksake hanteer en 'n sentrale kerkraad wat gemeenskaplike sake hanteer.

27.1.4 Die ooreenkoms vir desentralisering moet baie duidelik uitspel watter werksaamhede deur die sentrale kerkraad behartig word en watter deur wykskerkrade afgehandel kan word.

27.1.5 Wykskerkrade: grootte en vakatures

27.1.5.1 Die aanvanklike grootte van en getal wykskerkrade asook die grootte van die Sentrale Kerkraad word voor desentralisasie deur die kerkraad bepaal.

27.1.5.2 Na gelang van omstandighede kan die grootte van en getal wykskerkrade gewysig word.

27.1.5.3 Van hierdie wysiging(s) moet jaarliks aan die Ring verslag gedoen word.

27.1.5.4 Die kerkraad besluit self oor die aanvul van vakatures op die wykskerkrade

27.1.6 Die Sentrale Kerkraad

27.1.6.1 Die Sentrale Kerkraad bestaan uit

1. Al die leraars van die gemeente;

2. 'n Aantal verteenwoordigers, met sekundi, soos ooreengekom in die desentralisasie-ooreenkoms.

3. Die Sentrale Kerkraad kan 'n maksimum van 3 persone ten opsigte van bepaalde kundigheid met stemreg byvoeg.

27.1.6.2 Indien 'n verteenwoordiger nie teenwoordig kan wees nie word 'n sekonduslid vir die vergadering opgeroep sodat die vergadering so na as moontlik aan voltallig sal wees.

27.1.6.3 Die verteenwoordiging moet beduidend en sinvol wees sodat die Sentrale Kerkraad nie tot 'n te klein groepie mense verskraal word nie.

27.1.7 Sover moontlik moet daar gelyke verteenwoordiging van ouderlinge en diakens in die Sentrale Kerkraad wees.

27.1.8 Verdeling van werksaamhede

27.1.8.1 Onder wyksake word verstaan alle kerklike aangeleenthede binne die betrokke wykskerkraad waarby die ander wykskerkrade nie 'n direkte belang het nie. Voorbeelde hiervan is die verkiesing van kerkraadslede, uitoefening van opsig en tug by lidmate, kontrolering van die ampswerk binne die betrokke wykskerkraad en die organisering van die wykskerkraad ten opsigte van die werksaamhede binne daardie betrokke gebied.

27.1.8.2 Onder sake vir die Sentrale Kerkraad word verstaan daardie kerklike aangeleenthede waarby die gemeente as geheel belang het, byvoorbeeld beroep van leraars, uitoefening van tug oor ampsdraers, begroting en finansies, gemeentelike eiendomme, liturgie en erediens en voorbereiding van verslae aan en afvaardiging na meerdere vergaderings.

27.1.8.3 Indien verkies en vooraf so besluit is, word die Sentrale Kerkraad by 'n beroepingsvergadering uitgebrei tot alle kerkraadslede.

27.1.9 Bevoegdheid van Sentrale Kerkraad

27.1.9.1 Sodra die sentrale kerkraad benoem is, is desentralisasie voltooi en vestig al die bevoegdhede, insluitende die bevoegdheid om vroeëre kerkraadsbesluite in hersiening te neem, asook die verpligtinge van die kerkraad in die sentrale kerkraad.

27.1.9.2 Na voltooiing van desentralisasie funksioneer wykskerkrade ingevolge gedelegeerde bevoegdheid vanaf die sentrale kerkraad.

27.1.9.3 Wysigings aan die desentralisasie-ooreenkoms kan slegs deur die sentrale kerkraad gedoen word na vooraf kennisgewing aan die wykskerkrade en met voorlegging aan die Ringskommissie vir kontrole.

27.1.9.4 Na desentralisasie moet die sentrale kerkraad toesien dat die ooreenkoms, Kerkorde en Bepalings deur die wykskerkrade uitgevoer word.

27.1.9.5 Dit is wenslik dat die kommissies van die Sentrale Kerkraad uit verteenwoordigers van al die wykskerkrade saamgestel sal word, alhoewel kundigheid en nie verteenwoordiging nie, die deurslaggewende faktor moet wees.

27.1.10 Verkiesing van kerkraadslede

27.1.10.1 Die verkiesing van kerkraadslede geskied uit lidmate binne die betrokke wykskerkraad se gebied. Indien 'n kerkraadslid in dieselfde gemeente na 'n ander wykskerkraad se gebied verhuis en hy sou steeds gewillig wees om te dien, kan hy sy dienstermyn in die vorige wykskerkraad voltooi. Hy kan ook per ooreenkoms in die nuwe wykskerkraad as kerkraadslid daar aanvaar word.

27.1.10.2 Lidmate wat binne een wykskerkraad se gebied woon kan vir 'n ander wykskerkraad verkies word, mits die betrokke wykskerkrade daartoe ooreenkom.

27.1.11 Al die ordereëls wat vir 'n kerkraadsvergadering geld, geld vir die Sentrale Kerkraad en vir elke afsonderlike wykskerkraad. Dit sluit in sake soos grootte van die kerkraad, voorsitterskap, kworum, revisie, notule en ander vergaderingsprosedure.

27.1.12 Indien wykskerkrade teenstrydige besluite neem of in dispuut gaan, gee die Sentrale Kerkraad uitspraak.

Bepaling 27.2 Vergaderings van die kerkraad, wykskerkrade en sentrale kerkraad

27.2.1 Gewone vergaderings van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad geskied na afkondiging by die erediens op minstens een Sondag en na skriftelike kennisgewing aan die lede. 'n Vasgestelde datum op die kerkkalender kan beskou word as 'n skriftelike kennisgewing.

27.2.2 'n Buitengewone vergadering van die kerkraad, wykskerkraad en sentrale kerkraad word deur die betrokke voorsitter belê, met kennisgewing aan die lede. Dit geskied wanneer hy dit nodig ag of wanneer minstens tien persent van die dienende lede van die betrokke vergadering by hom daarvoor aansoek doen. Op sodanige vergadering word net die saak/sake behandel waarvoor die vergadering aangevra is.

3.2.2 Die ring

Artikel 29

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.

Artikel 30

30.1 Die ring word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diakon as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die pos van bedienaar van die

Woord vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word.

- 30.2 As 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.**
- 30.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekondus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekondus vir 'n bedienaar van die Woord optree.**
- 30.4 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.**

Bepaling 29.1 Die herindeling van ringe

29.1.1 Die herindeling van ringe geskied deur die Sinodale Diensraad met verslag aan die sinode.

29.1.2 Na herindeling, op 'n datum soos met die Sinodale Diensraad ooreengekom, konstitueer die heringedeelde ring nuut, en wel op die volgende wyse:

29.1.2.1 Indien daar in die geheel 'n nuwe ring gevorm word, vind die konstituering plaas onder leiding van 'n lid van die ringskommissie van 'n naburige ring wat deur die Sinodale Diensraad benoem word. Funkisionarisse vir die ring word gekies en kommissies word benoem. Alle gemeentes se afgevaardigdes moet van nuwe geloofsbriewe voorsien wees.

29.1.2.2 Waar een of meer gemeentes tot 'n bestaande ring toegevoeg word, vind die konstituering plaas onder leiding van die ringskommissie van daardie ring. Nuwe funksionarisse word dan gekies en kommissies/taakspanne se personeel word uitgebrei waar nodig. Slegs die gemeentes wat tot 'n bestaande ring gevoeg word, moet 'n nuwe afvaardiging saamstel in ooreenstemming met Bepaling 30 en ook nuwe geloofsbriewe indien.

29.1.3 In die geval waar daar slegs 'n gemeente uit 'n bestaande ring vanweë herindeling weggeneem word, of waar 'n gemeente ontbind, sodat daar nie 'n toevoeging tot die personeel van die ring plaasvind nie, vind herkonstituering nie plaas nie.

29.1.4 Ringe kan onderling met mekaar in verband tree ten opsigte van gesamentlike werksaamhede:

29.1.4.1 Waar ringe saamwerk, vind dit plaas in terme van 'n ooreenkoms tussen die ringe onderling.

29.1.4.2 Waar ringe in so mate saamwerk dat die behoefte ontstaan om een nuwe ring te vorm neem die betrokke ringe ter vergadering 'n besluit om saam te smelt. Nadat die samesmeltingsooreenkoms deur beide ringe goedgekeur is en

die Sinodale Diensraad die samesmelting goedgekeur het, konstitueer die nuwe ring.

Bepaling 29.2 Gewone vergadertyd van ringsvergaderings

Ringe vergader jaarliks, binne ses maande na afsluiting van die boekjaar.

Artikel 30

- 30.1** Die ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word.
- 30.2** As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikantspos af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.
- 30.3** Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir 'n leraar optree.
- 30.4** Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees.

Bepaling 30.1 Ouderlinge/diakens op die ring

30.1.1 In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag elke kerkraad net soveel ouderlinge/diakens afvaardig as wat daar predikantsposte in die gemeente is. Alle predikante, ook predikante in tentmakers- of vaste termynposte, behoort afgevaardig te word.

30.1.2 In ooreenstemming met Artikel 30.3 word daar een sekundus afgevaardig vir elke primarius afgevaardigde, met dien verstande dat daar vir elke leraar ook 'n sekundus uit die geleedere van die ouderlinge/diakens aangewys kan word.

30.1.3 In ooreenstemming met Artikel 30.1 en 30.2 mag die kerkraad 'n ouderling/diaken afvaardig in die predikantspos wat vakant is.

Bepaling 30.2 Konstituering

30.2.1 'n Korum vir 'n ringsvergadering is twee derdes van die aantal afgevaardigdes.

30.2.2 Die voorsitter van die ringskommissie neem die opening van die ringsvergadering waar. Hy konstitueer die vergadering aan die hand van die geloofsbriewe.

30.2.3 Die ring kies onmiddellik na sy konstituering by elke gewone vergadering 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba uit sy teenwoordige lede per groslys vir elke pos. Dieselfde persoon word verkieslik nie vir meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings tot voorsitter en skriba van die ring gekies nie.

30.2.4 As daar gedurende die jaar hindernisse ontstaan waardeur die voorsitter en/of skriba van die ringskommissie nie hulle funksies kan vervul nie, sal die ringskommissie reëlings tref vir die voortgang van die werksaamhede.

Bepaling 30.3 Buitengewone ringsvergaderings

30.3.1 'n Buitengewone ringsvergadering word saamgeroep deur die ringskommissie met kennisgewing van een week aan al die kerkrade.

30.3.1.1 In spoedeisende gevalle.

30.3.1.2 Op skriftelike versoek van 'n kerkraad met volledige motivering.

30.3.1.3 Op skriftelike versoek van drie afgevaardigdes van die vorige ringsitting met volledige motivering.

30.3.1.4 In opdrag van die sinode of op versoek van die Sinodale Diensraad/moderatuur.

30.3.1.5 Op versoek van 'n aangeklaagde in 'n tugsak of appèllant met waarborg van kostes.

30.3.2 As personeel van 'n buitengewone ring dien die afgevaardigdes van die vorige gewone ringsitting, mits hulle steeds in die kerkraad dien. Dieselfde voorsitter en skriba van die gewone vergadering tree op. Alle nuwe afgevaardigdes moet voorsien wees van geloofsbriewe.

Bepaling 30.4 Pligte van ringskriba

Behalwe die gewone funksie van die skriba soos aangedui in artikel 25 van die Kerkorde, moet die skriba van die ring die volgende opdragte spesiaal behartig met verslag aan die volgende gewone vergadering van die ring:

30.4.1 Die skriba stuur die beskrywingspunte van die ring deur na die skriba van die sinode.

30.4.2 Die skriba sorg dat binne twee maande na afloop van die vergadering 'n kopie van die handeling van die ring tesame met alle bylaes wat daarby hoort en

al die verslae wat voor die ring gedien het, aan die Direkteur van Argief-Bestuursinligtingsdienste van die Kerk besorg word.

30.4.3 Die skriba stuur dadelik na afloop van die vergadering alle besonderhede van die ring wat vir die Kerkjaarboek benodig word, aan die hoofkompilator van die Kerkjaarboek. Hierbenewens kontroleer die skriba ook dat elke gemeente betyds hulle gegewens aan die hoofkompilator stuur.

30.4.4 Die skriba gee so spoedig moontlik na die vergadering van die ring aan die kerkrade binne ringsgebied kennis van al die besluite wat op hulle betrekking het.

30.4.5 Die skriba voer uit wat aan hom opgedra word in bepalings 8.2 en 8.3.

30.4.6 Hy hou 'n behoorlike ringsliaseerstelsel in stand.

30.4.7 Die skriba van die ringskommissie gee van elke geval waar 'n beroep na 'n gemeente aanvaar word, kennis aan die Hoofbeampte van die Pensioenfonds. Slegs wanneer skriftelike bevestiging van die Hoofbeampte ontvang is dat alle pensioenreëlings met betrekking tot die beroepene in orde is, gee die skriba namens die kerkverband toestemming tot bevestiging.

Artikel 31

Tot die werksaamhede van die ring behoort:

31.1 kerkwisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan kerkrade;

31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense¹⁷;

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;

31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;

31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk Artikel 62.2 van die *Kerkorde*);

31.8 die aanwys van konsulente.

31.9 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade.

¹⁷ Vergelyk die *Reglement vir Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes*, en die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband.

Bepaling 31.1 Werksaamhede van die ring

31.1.1 Die ring besluit na aanleiding van die behoeftes in die ringsgebied oor sy werksaamhede en die struktuur daarvan en wys kommissies/taakspanne aan, of kan personeel aanstel, ten einde sy werksaamhede uit te voer.

Bepaling 31.2 Kommissies/taakspanne van die ring

31.2.1 Die Ringskommissie

31.2.1.1 Voor die einde van die gewone vergadering van die ring word daar 'n ringskommissie gekies. Die ringskommissie kan op een van die volgende maniere saamgestel word:

- 1 Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi);
- 2 Die verkose voorsitter, ondervoorsitter en skriba (plus 2 sekundi) wat uitgebrei kan word
 - 2.1 of met 2 ouderlinge/diakens (met sekundi);
 - 2.2 of met een verteenwoordiger per ringsgemeente (met sekundi).
3. Lede van die ringskommissie kan nie vir meer as twee termyne verkies word om die vergadering in dieselfde hoedanigheid te dien nie. Die persoon kan daarna wel in een van die ander hoedanighede verkies word.

31.2.1.2 Die ringskommissie

- *1 Voer alle opdragte van die ring uit.
- *2 Hanteer voorlopig spoedeisende sake totdat die ring dit in behandeling kan neem.
- *3 Roep wanneer nodig 'n buitengewone vergadering van die ring saam.
- *4 Is verantwoordelik vir die voorbereiding van die agenda vir gewone en buitengewone vergaderings van die ring.
- *5 Keur na die vereistes van bep. 31.3.1 veranderinge aan grense tussen gemeentes goed.
- *6 Die voorsitter van die kerkraad van 'n gemeente, waar 'n leraar emeriteer, stel die Ringskommissie vooraf in kennis van die bogenoemde emeritaat. Die Ringskommissie kontroleer alle dokumentasie met betrekking tot die emeritaat en of die betrokke kerkraad al sy verpligtinge teenoor die leraar nagekom het.
- *7 Doen verslag van al sy werksaamhede by elke gewone vergadering van die ring.

31.2.2 Kommissie vir visitasie

Met die oog op die visitatoriese taak van die ring, word jaarliks 'n kommissie vir visitasie benoem wat uitvoering moet gee aan die opdragte soos vervat in bep. 31.3.

31.2.3 Kommissie vir Argief

Die ring benoem 'n argiefkommissie wat toesien dat uitvoering gegee word aan die opdragte soos vermeld in bep. 2.3 van die Argief- en Museumreglement.

31.2.4 Konsulent

Die ring benoem 'n konsulent vir elke gemeente (vergelyk Reglement vir die Konsulent) vir die verantwoordelikhede, vergoeding en verslag).

31.2.5 Ander kommissies/taakspanne

Die ring benoem by elke gewone vergadering ander kommissies/taakspanne soos nodig. Met uitsondering van die ringskommissie hoef lede van kommissies/taakspanne nie noodwendig afgevaardigdes te wees nie.

Bepaling 31.3 Kerkvisitasie

31.3.1 Ten einde die ring in staat te stel om sy opdrag tot kerkvisitasie (KO art. 31.1) uit te voer, word daar by elke gewone vergadering van die ring verslag gedoen deur die kommissie vir visitasie oor die algemene geestelike toestand van elke gemeente. Hierdie verslag moet 'n oorsigtelike en evaluerende beeld gee. Fynere besonderhede word nie verwag nie, maar wel duidelike positiewe en/of negatiewe tendense wat die aandag van die gemeente of ring verdien. Waar nodig moet vergelykings met vorige jare getref word. Om hierdie verslag te kan opstel, kan die kommissie skriftelike verslae aanvra van elke kerkraad.

31.3.2 In die verslag van die visitasiekommissie aan die ring behoort, benewens spesifieke sake waaroor die ring telkens besluit, ook onder andere die gemeente se bedieningstrategie, finansiële beplanning, hantering van diensverhoudinge, gemeentebou, erediens, jeug, diens van barmhartigheid en sending/getuies aandag te kry.

31.3.3 Die kommissie vir visitasie behoort toe te sien dat alle gelegitimeerdes in die verskillende gemeentes pastoraal versorg word.

Bepaling 31.4 Verandering van grense en naam

31.4.1 Wanneer die grense van gemeentes vasgestel is, word wysigings nie sonder gegronde redes aangebring nie. Voorstelle vir verandering van grense moet eers deur die betrokke kerkrade goedgekeur word en dan aan die ringkommissie(s) voorgelê word, wat dit goedkeur en aan die skriba van die sinode berig stuur oor die grensverandering, om deur hom in *Kerkbode* gepubliseer te word.

31.4.2 Naamsverandering van 'n gemeente geskied deur die sinode/Sinodale Diensraad op aanbeveling van die ring.

Bepaling 31.5 Vervreemding van gemeentelike eiendom

31.5.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse word volledig deur die kerkraad geadministreer met jaarlikse verslag aan die ring (vergelyk Reglement 18, Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse, Kerkorde 2011).

31.5.2 Gemeentes kan nie sonder gegronde redes van hulle eiendomme en goedere vervreem nie. Indien 'n kerkraad besluit om van sy vaste eiendomme te vervreem geskied dit na oorleg met die ring/ringskommissie.

Bepaling 31.6 Ander sake wat die ring behandel

Die ring neem verder alle sake in behandeling wat deur kerkrade binne die gebied deur lede van die ring en lidmate van die gemeentes op 'n behoorlike wyse aan die ring voorgelê word.

3.2.3 Die sinode

Artikel 32

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s).¹⁸

Artikel 33

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere - waaroor elke sinode self besluit - saamgestel:

33.1.1 uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word; óf

33.1.2 as 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig; óf

33.1.3 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge/ diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

33.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekondus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekondus vir 'n bedienaar van die Woord optree.

33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.

Artikel 34

¹⁸ Verskillende sinodes het verskillende name (byvoorbeeld moderamen, diensraad, sinodale dienskommissie) vir 'n liggaam wat die funksies van die sinodale kommissie verrig.

Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.

Bepaling 32.1 Vergaderings van die sinode

32.1.1 Die sinode, saamgestel volgens art. 32 van die Kerkorde, en wat die afgevaardigde leraars/ouderlinge en diakens betref, in ooreenstemming met die reg verleen in art. 33.1.1, vergader op 'n tyd en plek deur die Sinodale Diensraad vasgestel met inagneming van die voorbehoud in art. 34 van die Kerkorde.

32.1.2 Elke gemeente is geregtig om sy afvaardiging soos volg saam te stel:

32.1.2.1 Al sy leraars en 'n gelyke aantal ouderlinge/diakens vir elke afgevaardigde leraar, maar by elke gemeente behoort minstens een leraar en een ouderling/diaken (met sekundus) afgevaardig te word.

32.1.2.2 Indien 'n gemeente minder as sy volle getal leraars afvaardig, kan 'n medeleraar as sekundus vir 'n ander leraar afgevaardig word.

32.1.2.3 In die geval van 'n vakante leraarspos, of waar geen leraar afgevaardig word nie, kan 'n gemeente wel in ooreenstemming met KO art 33.1.1 'n ouderling/diaken (met sekundus) afvaardig. 'n Ouderling/diaken kan egter nie as sekundus vir die leraar/leraarspos afgevaardig word nie.

32.1.4 Gewone vergaderings van die sinode word ses maande tevore opgeroep deur 'n kennisgewing van die skriba in *Kerkbode*.

Bepaling 32.2 Konstituering

32.2.1 Die geloofsbriewe van afgevaardigdes, deur die voorsitter en skriba van die kerkraad namens die kerkraad onderteken, moet die skriba van die sinode minstens twee maande voor die tyd bereik.

32.2.2 Die skriba stel die lys van afgevaardigdes uit die geloofsbriewe op en lê dit by die aanvang van die sitting skriftelik ter tafel.

32.2.3 By die konstituering stel die skriba 'n presensielys op.

32.2.4 Die presensielys word deurlopend op datum gehou.

32.2.5 'n Kworum vir 'n sinodevergadering is twee derdes van die aantal afgevaardigdes.

32.2.6 Persone wie se name nie op die presensielys verskyn nie, mag nie aan die verrigtinge deelneem nie.

32.2.7 Die predikante in sinodale diens en diegene wat in ooreenstemming met art. 33.2 van die Kerkorde die teologiese opleiding verteenwoordig, het sitting met adviserende stem.

32.2.8 Die afgevaardigde leraar met die langste diens, wat die oudste in jare is, neem die leiding by die opening en konstituering van die sinode. Daarna lei die uittredende moderatuur die vergadering aan die hand van die agenda wat deur die moderatuur opgestel is totdat die nuwe moderatuur verkies is.

32.2.9 Tydens die sinode word daar 'n moderatuur saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

1. Die moderator, assessor en aktuaris.
2. Vyf addisionele lede.
3. Adviserend: die sinode se predikant in sinodale diens, wat ampshalwe as skriba optree, en die saakgelastigde van die sinode.

32.2.9.1 Nominasies word gedoen op 'n nominasievorm wat deur die uittredende moderatuur voorberei is en waarop die vereistes vir elke pos uiteengesit is. Voordat die groslys gefinaliseer kan word, moet elke genomineerde met sy handtekening aandui dat hy/sy die nominasie en vereistes aanvaar.

32.2.9.2 Vir die pos van aktuaris kan die uittredende moderatuur minstens drie name van kandidate wat as geskik vir die pos beskou word, voorlê.

32.2.9.3 Geen persoon mag by meer as twee gewone vergaderings van die sinode vir dieselfde pos verkies word nie.

32.2.10 Die sinode se predikant in sinodale diens tree ampshalwe op as skriba van die sinode.

Bepaling 32.3 Buitengewone sinode

32.2.1 In dringende gevalle wat nie voorsien is nie, het die Sinodale Diensraad die reg om die sinode uit te stel, of om 'n buitengewone sinode byeen te roep met skriftelike kennisgewing van drie weke aan al die kerkrade.

32.3.2 'n Buitengewone vergadering van die sinode konstitueer met dieselfde personeel as by verdaging van die vorige gewone sitting, behalwe vir afgevaardigdes wat vir die eerste keer sitting neem, of in gevalle waar 'n kerkrade sou besluit om 'n ander afgevaardigde te stuur. In laasgenoemde twee gevalle moet nuwe geloofsbriewe ingelewer word.

32.3.3 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad lei die vergadering en gaan ook in die opening voor.

Bepaling 32.4 Sake vir behandeling deur sinode

32.4.1 Verslae van kommissies en verteenwoordigers

Minstens drie maande voor die bepaalde datum van die sitting moet daar by die skriba verslae van die kommissies en verteenwoordigers deur die sinode benoem, ingedien word.

32.4.2 Beskrywingspunte en beswaarskrifte

Beskrywingspunte en beswaarskrifte moet vier maande voor die datum van die sitting in die hande van die skriba wees en word deur afgevaardigdes, kerkrade, ringe, ringskommissies en diensrade van die sinode ingedien. Die moderatuur hanteer die verwysing van die beskrywingspunte en beswaarskrifte na die onderskeie diensrade van die sinode, met opdrag dat die diensraad hierdie beskrywingspunt(e) by sy verslag inwerk of as aanvullende verslag voor die sinode lê. Die spesifieke beskrywingspunt is die voorstel voor die vergadering, met die diensraad se aanbeveling as eerste amendement (indien nodig).

32.4.3 Versoekskrifte van lidmate

Lidmate van gemeentes binne die gebied mag hulle by wyse van versoekskrif tot die sinode wend. Sodanige versoekskrifte moet ook vier maande voor die datum van die sitting in die hande van die skriba wees.

32.4.4 Die agenda

Die skriba laat al die stukke onder bep. 32.4.1 – 32.4.3 genoem, en watter ander reëlings daar ook mag wees, druk en versprei die agenda van die sinode betyds (minstens vier weke voor die datum van die sitting) onder die afgevaardigdes op 'n wyse waarop die moderatuur as kommissie vir die agenda (bep 35.1.3.11) mag besluit.

32.4.5 Laatstukke

Laatstukke word aan die Sinodale Taakspan Regte voorgelê wat die Sinode adviseer oor die ontvanklikheid daarvan en die wyse van hantering. Die sinode besluit op voordrag van die Taakspan Regte of laat ingekome stukke behandel word.

Bepaling 32.5 Godsdienstige handeling tydens die sinode

32.5.1 Met inagneming van KO art. 24 word elke dag se sitting op gepaste wyse begin en geëindig.

32.5.2 Geleentheid vir gebed en sang word deur die moderator na goeddunke deur die loop van die dagprogram geskep.

Artikel 35

Tot die taak en bevoegdhe van die sinode behoort:

- 35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die *Kerkorde* in stryd is nie;**
- 35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die *Kerkorde*. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;**
- 35.3 die opleiding van evangeliedienaars soos deur Artikel 5 van die *Kerkorde* bepaal;**
- 35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;**
- 35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;**
- 35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode.**

Bepaling 35.1 Die Sinodale Diensraad

35.1.1 Tydens die sinode word daar 'n Sinodale Diensraad (SDR) saamgestel wat uit die volgende lede bestaan:

1. Die moderatuur (vgl Bep 35.2.9).
2. Een predikant en een ouderling/diaken (met sekundi) uit elke ring, aangewys deur die onderskeie ringe.
4. Die sinode se predikant in sinodale diens wat ampshalwe as skriba optree.
5. Die saakgelastigde van die sinode.

35.1.2 Vakatures

1. 'n Ouderling/diaken op die SDR bly lid van die SDR solank hy/sy as kerkraadslid in die gemeente dien.
2. Wanneer 'n vakature ten opsigte van ringsverteenvoordigers ontstaan (primarius- en/of sekunduslede) vul die ringskommissie die vakature aan met verslag aan die skriba van die SDR.
3. Tydens die daaropvolgende SDR-vergadering word die aanwysing van nuwe verteenwoordigers bekragtig.

35.1.3 Die SDR vergader wanneer nodig.

35.1.4 Die SDR is die verteenwoordigende regspersoon van die sinode tussen sittings en

1. Keur die beleid en die begroting goed aan die hand van die kernwaardes, kernbesigheid en fokusareas.
2. Fasiliteer gesprekke binne die verband oor relevante sake.

- 3 Hanteer hertoelating tot die bediening, appèlle, herindeling van ringe en die Sinode se betrokkenheid by teologiese opleiding.
4. Koördineer en inisieer, in oorleg met ringe, die werksaamhede binne die fokusareas.
- 5 Kontroleer die realisering van strategie en die bereiking van doelwitte met verslag aan die sinode.
- 6 Alles wat deur die sinode aan hom opgedra word om te hanteer tussen sinodes.

Bepaling 35.2 Die moderatuur

35.2.1 Die moderatuur word tydens die sinode verkies (vgl Bep 32.5.9).

35.2.2 Die moderatuur tree op as dagbestuur van die SDR en hanteer

- 1 sake wat deur die sinode of Sinodale Diensraad (SDR) aan hom opgedra is;
2. dag-tot-dag bestuursake;
3. die koördinerings van die uitvoering van die diensterreine soos bepaal deur die sinode en die aanwysing van taakspanleiers;
4. die benoeming van afgevaardigdes om by bepaalde geleenthede die groete / gelukwensing / meegevoel van die sinode oor te bring;
5. die opstel van 'n skema van werksaamhede vir die volgende sinode.

Bepaling 35.3 Verteenwoordigers

Persone wat die sinode in die volgende instansies verteenwoordig word soos volg aangewys:

1 Deur die sinode op aanbeveling van die moderatuur:

1.1 Kuratorium Teologiese Fakulteit Pretoria : 4 lede met sekundi.

1.2 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Stellenbosch : 1 lid met sekundus.

1.3 Kuratorium, Kieskollege en Proponentseksamenkommissie Bloemfontein : 1 lid met sekundus.

2 Deur die SDR op aanbeveling van die moderatuur:

2.1 Die Gesamentlike Kommissie vir die Vier Transvaalse Sinodes (GSK) (vgl GSK-reglement).

2.2 Bybelgenootskap van Suid-Afrika

2.3 Gesamentlike Sending Mosambiek

2.4 TOIBO

2.5 SKDB Maatskappy

3 Vakatures word deur die SDR aangevul op aanbeveling van die moderatuur.

Bepaling 35.4 Afvaardiging na Algemene Sinode

Die afvaardiging na die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:

1. 10 leraars (met sekundi) en 10 ouderlinge/diakens (met sekundi) wat tydens die sinodevergadering verkies word.
2. Die SDR finaliseer die afvaardiging aan die hand van die proporsionele formule van die Algemene Sinode eerstens uit die verkose sekundi lede en indien nodig uit lede van die vorige sinode.

Bepaling 35.5 Aktuaris

35.5.1 Die aktuaris is voorsitter van die Sinodale Taakspan Regte wat deur die sinode aangewys word.

35.5.2 Die aktuaris:

35.5.2.1 verstrek op aanvraag advies oor die aard en uitleg van die Kerkorde en bepalinge;

35.5.2.2 sien toe dat alle besluite van die sinode en Algemene Sinode wat wysigings aan die bepalinge meebring op die juiste plekke in die Kerkorde ingevoeg en so gou moontlik gepubliseer word;

35.5.2.3 bring kerkregtelike ongerymdhede wat onder sy aandag kom, onder die aandag van die betrokke vergadering met 'n aanduiding van die moontlike weg tot herstel;

35.5.2.4 word bygestaan deur, en doen verslag van sy werksaamhede aan, die Sinodale Taakspan Regte.

Bepaling 35.6 Skriba

35.6.1 Die skriba sorg vir die volgende sake:

35.6.1.1 Die behartiging van alles wat tot die normale taak van 'n skriba behoort (vgl. art. 25 van die Kerkorde).

35.6.1.2 Die publiserings van die handeling van die sinode.

35.6.1.3 Die indiening van die oorspronklike handeling van die Sinode by die kerkargief, tesame met al die bylaes wat daarby hoort.

35.6.1.4 Die deursending aan kerkrade en ringe van al die besluite wat op hulle betrekking het.

35.6.1.5 Die uitvoering van alles wat aan hom opgedra word in besluite en bepalinge van die sinode.

Artikel 36

Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetreding tot die algemene sinodale verband gehad het of daarna verwerf, behalwe dié wat volgens die *Kerkorde* aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.

Artikel 37

Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

3.2.4 Die Algemene Sinode

Artikel 38

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes wat saamgestel word uit 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge/diakens van die sinodes.

38.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.

38.1.2 Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.

38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

Artikel 39

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, en 'n aktuaris, lei die Sinode (vergelyk Artikel 25 van die *Kerkorde*). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die Moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.

Artikel 40

40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

40.3 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word 'n Algemene Sinodale Moderamen saamgestel (vergelyk *Reglement vir die Algemene Sinodale Moderamen*).

Artikel 41

Die afgevaardigde bedenaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

Artikel 42

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Algemene Sinodale Moderamen roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

Artikel 43

43.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:

- 43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid;**
- 43.1.2 dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;**
- 43.1.3 dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak¹⁹;**
- 43.1.4 die viering van ons onderlinge verbondenheid;**
- 43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;**
- 43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomstig Artikel 44, die *Kerkorde*, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;**
- 43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;**
- 43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode²⁰;**
- 43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;**
- 43.1.10 die hantering van appèlsake wat voor hom gebring word.**

Artikel 44

- 44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade²¹ elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.**
- 44.2 Artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde* word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit.**
- 44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2, die *Kerkorde* wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheidstem.**
- 44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerderheidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak**

¹⁹ 'n Sinode/ring wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer, behartig die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomste met daardie staat en ander samelewingsverbande, namens die kerkverband.

²⁰ Hierdie Artikel moet saamgelees word met die *Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse*.

²¹ Vir die wyse waarop die besluit van kerkrade oor die verandering van die belydenis-grondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van ten minste twee derdes van belydende lidmate van gemeentes met die besluit te verkry, vergelyk die *Reglement vir die Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, en die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband, punt 6*.

van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die *Kerkorde*)

- 44.5 Indien 'n tweederdemeerderheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstreekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.

Artikel 45

45.1 Die Algemene Sinode kan vir sy vergaderings en diensgroepe/kommissies/taakspanne reglemente opstel.

45.2 Die Algemene Sinode mag artikels van die *Kerkorde*, met die uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die *Kerkorde*, met 'n tweederdemeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen.

Artikel 46

Die Algemene Sinode mag diensgroepe/kommissies/taakspanne benoem om hom van advies te bedien of om besluite en opdragte uit te voer.

Artikel 47

Die Algemene Sinode kan deur die Algemene Taakspan vir Fondse kerkkantore organiseer en personeel aanstel om die kantore te beman.

HOOFSTUK 4 DIE ARBEID VAN DIE KERK

4.1 Die openbare erediens

Artikel 48

- 48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklid en dankoffers.
- 48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.
- 48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:
- 48.3.1 die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente, of in sy/haar afwesigheid:
- 48.3.2 die konsulent;
- 48.3.3 'n ander bevoegde bedienaar van die Woord van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is;²²
- 48.3.4 'n student van 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vergelyk Artikel 5.2 van die *Kerkorde*) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke kuratorium en met toestemming van die kerkraad, deel van sy/haar praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf na voltooiing van sy/haar praktiese werk deur 'n kerkraad uitgenooi is;
- 48.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring ontvang het (vergelyk Art 3 en 10 van die *Kerkorde*).
- 48.4 Prediking:
- 48.4.1 met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die Belydenisskrifte laat geskied; en
- 48.4.2 die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.
- 48.5 Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelijdenis en Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.

4.2 Die sakramente

²² Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat eredienste kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daar strydig met die Kerkorde gehandel (Vgl Handeling Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Vergelyk die *Reglement vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe*.

Artikel 49

49.1 Die Doop²³

Die heilige doop word deur 'n bedienaar van die Woord²⁴ bedien met gebruikmaking van water en 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering²⁵, in die amptelike openbare samekoms van die gemeente, bedien.

Bepaling 49.1.1 Die doop

49.1.1.1 Die heilige doop word bedien aan die kinders van belydende lidmate van die gemeente. Indien ouers verlang om hulle kinders te laat doop in 'n ander gemeente as waarvan hulle lidmate is, moet hulle skriftelike toestemming verkry van die kerkraad. Die plaaslike leraar het die reg om sodanige toestemming namens en met rapport aan die kerkraad te gee.

49.1.1.2 Die doop van kinders van lidmate uit ander kerke geskied volgens die riglyne van die Algemene Sinode waardeur die verhouding tot ander christelike kerke en groepe bepaal is. (Vgl. die Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe, Reglement 20, Kerkorde 2011, bl 121-132 hieronder.)

49.1.1.3 Vir die doop van kinders in pleegsorg word die volgende riglyne neergelê:

1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.

2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer(s) en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is.

Bepaling 49.1.2 Aanmelding vir doop en dooponderhoud

49.1.2.1 Ouers wat die doop vir hulle kinders verlang, moet hulle vroegtydig by hulle leraar aanmeld vir 'n doopgesprek.

49.1.2.2 Ongesensureerde lidmate het die reg om hulle kinders te laat doop in die gemeente waarvan hulle ingeskrewe, belydende lidmate is. Indien daar 'n wettige beswaar bestaan teen die bediening van die doop, moet dit met pastorale

²³ Vergelyk Funksionele Besluite: Doop

²⁴ Vergelyk Artikel 48.3.1 tot 48.3.3 met voetnota.

²⁵ Die meriete van so 'n versoek word deur die kerkraad beoordeel.

bewoënheid hanteer word, sodat die eer van God en die heil van die kerk nie in gedrang kom nie. Met instemming van die ouers kan die doop dan uitgestel word om hulle te begelei, en nie as 'n tugmaatreël nie.

49.1.2.3 In gevalle waar doop met toestemming van 'n ander gemeente bedien word, is dit die verantwoordelikheid van die leraar wat die toestemming verleen het om 'n dooponderhoud met die betrokke ouers te voer.

49.2 Die Nagmaal

49.2.1 Die heilige nagmaal word minstens vier maal per jaar in elke gemeente gevier (vergelyk *Funksionele Besluit: Nagmaal: gereelde viering van die nagmaal*).

49.2.2 Tot die heilige nagmaal word toegelaat:

49.2.2.1 belydende lidmate van die gemeente;

49.2.2.2 dooplidmate van die gemeente wat deur die kerkraad toegelaat is tot die heilige nagmaal (vergelyk *Funksionele Besluit: Nagmaal: praktyk van toelating van kinders by die nagmaal*);

49.2.2.3 besoekers uit ander Nederduitse Gereformeerde gemeentes;

49.2.2.4 besoekers uit ander kerke (vergelyk die Reglement vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe, punte 3.2.2.1 en 3.2.2.2).

Bepaling 49.1.1 Die doop

49.1.1.1 Die heilige doop word bedien aan die kinders van belydende lidmate van die gemeente. Indien ouers verlang om hulle kinders te laat doop in 'n ander gemeente as waarvan hulle lidmate is, moet hulle skriftelike toestemming verkry van die kerkraad. Die plaaslike leraar het die reg om sodanige toestemming namens en met rapport aan die kerkraad te gee.

49.1.1.2 Die doop van kinders van lidmate uit ander kerke geskied volgens die riglyne van die Algemene Sinode waardeur die verhouding tot ander christelike kerke en groepe bepaal is. (Vgl. die Reglement vir die Verhouding tot Ander Kerke en Groepe, Reglement 20, Kerkorde 2011, bl 121-132 hieronder.)

49.1.1.3 Vir die doop van kinders in pleegsorg word die volgende riglyne neergelê:

1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.

2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer(s) en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is.

Bepaling 49.1.2 Aanmelding vir doop en dooponderhoud

49.1.2.1 Ouers wat die doop vir hulle kinders verlang, moet hulle vroegtydig by hulle leraar aanmeld vir 'n doopgesprek.

49.1.2.2 Ongesensureerde lidmate het die reg om hulle kinders te laat doop in die gemeente waarvan hulle ingeskrewe, belydende lidmate is. Indien daar 'n wettige beswaar bestaan teen die bediening van die doop, moet dit met pastorale bewoënheid hanteer word, sodat die eer van God en die heil van die kerk nie in gedrang kom nie. Met instemming van die ouers kan die doop dan uitgestel word om hulle te begelei, en nie as 'n tugmaatreël nie.

49.1.2.3 In gevalle waar doop met toestemming van 'n ander gemeente bedien word, is dit die verantwoordelikheid van die leraar wat die toestemming verleen het om 'n dooponderhoud met die betrokke ouers te voer.

Bepaling 49.2 Die nagmaal buite die erediens

49.2.1 Die nagmaal word, behalwe by hoë uitsondering, in die erediens bedien.

49.2.2 Die kerkraad besluit oor die bediening van die nagmaal in sulke uitsonderlike gevalle. Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:

49.2.2.1 Die kerkraad evalueer die meriete van elke aansoek.

49.2.2.2 Die Woord moet bedien word.

49.2.2.3 Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik deur die formulier of andersins.

49.2.2.4 Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalsbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar kan bly.

4.3 Die Jeugbediening

Artikel 50

50.1 Die jeug as wesentliche deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.

- 50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is 'n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.
- 50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.
- 50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

4.4 Die Herderlike sorg

Artikel 51

- 51.1 Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet herderlike sorg verleen aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertrous en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.
- 51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.
- 51.3 Kerkrade sien toe dat afgestorwe lede van die gemeente op 'n Christelike wyse begrawe/veras word.

4.5 Gemeentebediening

Artikel 52

- 52.1 Die Kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.
- 52.2 Die Kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.
- 52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

4.6 Sending/getuienis

Artikel 53

- 53.1 Sending is die heilshandeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader.
- Deur dié gemeente
- laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig,
 - bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand,
 - laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,

- laat Hy sy opdrag om die skepping te bewaar en te bewerk sigbaar tot uitdrukking kom, en
 - word sy geregtigheid aan die samelewing en wêreld verkondig.
- So laat Hy sy koninkryk kom tot aan die voleinding van die wêreld.

53.2 Deur sending bedien die kerk die evangelie in al sy dimensies aan aense buite die kerk.

53.3 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

4.7 Diens van barmhartigheid

Artikel 54

54.1 Die Kerk moet met priesterlike bewoënhed omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartighedsbediening.

4.8 Die dienswerk van die gelowiges

Artikel 55

55.1 Die roeping van die Kerk in sy gestuurdheid na die wêreld (*Missio Dei*) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.

55.2 Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.

55.3 Met die oog hierop behoort die Kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.

55.4 Die Kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die Kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.

55.5 Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin, en netwerke en vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.

55.6 Die Kerk gee met gesonde oordeel sy seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke en vennootskappe wat ook in diens staan van die *Missio Dei*.

4.9 Leer en aktuele sake

Artikel 56

Die Kerk beywer hom vir Skrifgefundeerde beskouinge ten opsigte van aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van 'n sedelik gesonde openbare lewe.

4.10 Rentmeesterskap

Artikel 57²⁶

Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

Let wel: Bepalings 57.1 – 57.3 moet saam met die Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse (Reglement 18, Kerkorde van die Algemene Sinode 2011) gelees word.

Bepaling 57.1 Gemeentelike eiendomme, goedere en fondse

57.1.1 Die kerkraad is verplig om sy verantwoordelikhede in verband met rings- en sinodale werksaamhede na te kom.

57.1.2 Die kerkraad mag geen fondse van watter aard ookal anders hanteer as deur die kerkraad se boekhoustelsel wat opgestel en bedryf word volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels nie.

57.1.3 Die kerkraad moet jaarliks aan die einde van die finansiële boekjaar, wat strek van 1 Maart tot 28 Februarie, 'n oorsig oor die gemeentelike finansies en die begroting vir die volgende boekjaar op die voorgeskrewe vorm vir voorlegging aan die ring gereed maak. Hierdie state moet deur die voorsitter en skriba van die kerkraad onderteken word en moet daarbenewens gesertifiseer word deur 'n ouditeur (CA) of kommersiële en finansiële rekenmeester (CSA, CFA of CMA) wat kragtens artikel 60(2) van die Wet op Beslote Koöperasies van 1984 (Wet nr. 69 van 1984) geregistreer is.

Bepaling 57.2 Ringseiendomme, goedere en fondse

57.2.1 Die ring administreer 'n ringsadministrasiefonds waartoe al die gemeentes op 'n eweredige basis bydra.

57.2.2 Alle fondse onder beheer van die ring word jaarliks deur 'n bevoegde persoon, deur die ring aangewys, nagesien met verslag aan die ring. Hierdie verslag word as deel van die Ringsfinansiële Kommissie se verslag aan die ring voorgelê.

57.2.3 Waar twee of meer gemeentes saam 'n bepaalde werksaamheid onderneem, administreer die betrokke kommissie wat belas is met die beheer oor die werk, die fondse wat daarvoor nodig is, en doen daarvan sorgvuldig verslag. Vaste eiendomme word geregistreer op naam van een van die kerkrade wat dit in trust hou.

²⁶ Hierdie Artikel moet saamgelees word met die *Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse*.

Bepaling 57.3 Sinodale fondse

57.3.1 Daar is sinodale fondse wat deur die Sinodale Kerkkantoor geadmineer word om te voorsien in die uitgawes van die sinode, administratiewe koste verbonde aan die sinodale vergaderings, die instandhouding van die kerkkantoor, die salarisse van amptenare en personeel, reiskoste van afgevaardigdes na die sinode en van lede van kommissies deur die sinode benoem.

57.3.2 Daar word 'n fonds in die lewe geroep en onderhou vir die pensioene van predikante en sinodale amptenare, wat gevind en beheer word in ooreenstemming met die reglement wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is.

57.3.3 Daar is sinodale studiefondse wat beheer word in ooreenstemming met die reglemente wat daarvoor opgestel en deur die sinode goedgekeur is.

Ter inligting

PERMITTE VIR VERBOUINGS AAN STRUKTURE OUER AS 60 JAAR

Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede vereis dat toestemming van die betrokke provinsiale owerhede verkry moet word voordat herstelwerk of aanbouings aan 'n huis of ander gebou ouer as 60 jaar gedoen word. "Verandering" sluit selfs blote pleisterwerk of die aanbring van versierings in.

Verdere inligting is by die saakgelastigde van die sinode beskikbaar.

4.11 Diensverhoudinge

Artikel 58

Werknemers anders as predikante in diens van 'n gemeente of die kerkverband, se diensverhouding word per diensooreenkoms gereël.

HOOFSTUK 5

KERKLIKE OPSIG, TUG EN DISSIPLINE

Artikel 59: Doel en voorskrifte

- 59.1 Kerklike opsig word gehou en kerklike tug en dissipline uitgeoefen
 - 59.1.1 tot eer van God;
 - 59.1.2 tot heil van die Kerk;
 - 59.1.3 tot behoud van die sondaar;
- 59.2 volgens voorskrifte van
 - 59.2.1 die Woord van God;
 - 59.2.2 die Belydenisskrifte;
 - 59.2.3 die *Kerkorde* en ander bepalings van die Kerk²⁷;
 - 59.2.4 die diensooreenkoms.

Artikel 60: Kerklike opsig en tug

- 60.1 Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.
- 60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevolmagtigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.
- 60.3 Amptelike kerklike opsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.
- 60.4 Die kerklike opsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers ingesluit.

Artikel 61: Tugwaardige sondes

- 61.1 Sondes wat tot tug lei, is sondes wat indruis teen die Woord van God en die belydenis van die Kerk.
- 61.2 Sondes wat openbare aanstoot gee of wat na aanleiding van die voorskrifte van Matteus 18:15 - 17 onder die aandag van die Kerk kom, stel die oortreder(s) bloot aan 'n amptelike tugondersoek.
- 61.3 Wangedrag deur werknemers van die kerk in terme van diensverhoudinge kan ook tugwaardige sondes wees.

Artikel 62: Lidmate, ampsdraers, ander gelegitimeerdes en werknemers

- 62.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente val onder die opsig en tug van die kerkraad.
- 62.2 Alle ouderlinge, diakens, bedienaars van die Woord, emeriti en proponente staan onder die opsig en tug van die ring, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk Artikel 31.7 van die *Kerkorde*).

²⁷ Vergelyk die *Reglement vir Tug en Dissipline*.

62.3 Lidmate van die kerk, wat as werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband is, kan weens wangedrag getug word.

GEVOLMAGTIGDE ONDERSOEKLIGGAAM

(Besluit van die Noordelike Sinode 2012)

Indien 'n ring besluit om van 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam gebruik te maak vir 'n tug- of dissiplinêre ondersoek, moet die ring twee kundige lidmate op aanbeveling van die Sinodale Taakspan Regte as lede van die ondersoekliggaam benoem (Handelinge 2012 bl.121 pt.2.5).

Artikel 63: Kerklike dissipline

- 63.1** Werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband, kan in terme van hulle diensverhouding kerklik gedissiplineer word.
- 63.2** Kerklike dissiplinêre optrede is die gevolg van oortredings by die werkplek en het met die terme van die diensooreenkoms te doen.
- 63.3** Werknemers in diens van die kerkverband, staan onder die kerklike dissipline van die werkgewer.
- 63.4** Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente in diens van 'n gemeente staan onder die kerklike dissipline van die ring.

Artikel 64: Tug- en dissiplinêre maatreëls

- 64.1** Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur ondersoekliggame toegepas word.
- 64.2** Dooplidmate
 - 64.2.1** 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
 - 64.2.2** sensuur wat bestaan uit onthouding van die nagmaal en/of weerhouding van die aflegging van belydenis van geloof;
 - 64.2.3** afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.
- 64.3** Belydende lidmate
 - 64.3.1** 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
 - 64.3.2** sensuur wat bestaan uit die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatsregte;
 - 64.3.3** afsnyding van die gemeente nadat sensuur en voortgesette herderlike sorg nie tot berou gelei het nie, en deur die gebruik van die betrokke formulier.
- 64.4** Ouderlinge en diakens
 - 64.4.1** 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;
 - 64.4.2** skorsing met of sonder onthouding van die sakramente en met of sonder opskorting van lidmaatsregte totdat daar bewys van grondige berou is;
 - 64.4.3** afsetting uit die diens met opskorting van lidmaatsregte en onthouding van die sakramente

- 64.5 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente/werknemers met verslag aan die Algemene Bevoegdheidsraad in die geval van gelegitimeerdes
 - 64.5.1 'n bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam, of 'n skriftelike waarskuwing deur die werkgewer;
 - 64.5.2 skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:
 - 64.5.2.1 opskorting van lidmaatsregte;
 - 64.5.2.2 onthouding van die sakramente;
 - 64.5.2.3 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes deur die werkgewer.
 - 64.5.3 Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.
 - 64.5.4 Ontslag uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband met een of meer van die volgende maatreëls:
 - 64.5.4.1 opskorting van lidmaatsregte vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;
 - 64.5.4.2 onthouding van die sakramente vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;
 - 64.5.4.3 kennisgewing aan die Algemene Bevoegdheidsraad dat die betrokke persoon se legitimasië vir 'n vasgestelde tydperk opgeskort word;
 - 64.5.4.4 kennisgewing aan die Algemene Bevoegdheidsraad dat die betrokke persoon se legitimasië met onmiddellike effek beëindig word, wat die nietigverklaring van die *Akte van Legitimasie* beteken.

Artikel 65: Appèl²⁸

- 65.1 Ooreenkomstig Artikel 23 van die *Kerkorde* kan daar teen die bevindinge en tug- en/of dissiplinêre maatreëls van ondersoekliggame geappelleer word.
- 65.2 Oor leerstellige sake kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word (vergelyk Artikel 44.4 van die *Kerkorde*).
- 65.3 Oor ander sake wat met die tug en/of dissipline verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.

Artikel 66: Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls

- 66.1 Tugmaatreëls het berou en inkeer ten doel en word, met inagneming van Artikel 59.1 van die *Kerkorde*, opgehef in die geval van:
 - 66.2 Lidmate
 - 66.2.1 Wanneer 'n belydende lidmaat berou betoon nadat hy/sy onder sensuur geplaas is, hef 'n ondersoekliggaam of kerkraad wat oortuig is van die egtheid van die berou, die sensuur op.

²⁸ Vergelyk die *Reglement vir Appèl*.

- 66.2.2 Wanneer belydenis van geloof weerhou is, laat die kerkraad die dooplidmaat toe tot belydenisaflegging wanneer die tugliggaam oortuig is van die egtheid van berou.
- 66.2.3 Wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou betoon en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, neem die kerkraad, as hy oortuig is van die egtheid van die berou, die persoon weer in die gemeente op met die gebruik van die betrokke formulier. By dooplidmate kan hierdie stap gepaard gaan met belydenisaflegging.
- 66.3 Ouderlinge en diakens
- 66.3.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, kan die skorsing opgehef word. Ouderlinge en diakens wat afgesit is, kan dan weer verkies word tot die kerkraad.
- 66.4 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente
- 66.4.1 As die ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam/kerkverband as werkgewer oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tug- en/of dissiplinêre maatreël opgehef met verslag aan die Algemene Bevoegdheidsraad.
- 66.4.2 In geval van ontslag van 'n werknemer volgens Artikel 64.5.4 van die *Kerkorde*, moet die ring die opskorting van lidmaatsregte en die onthouding van die sakramente ophef voor die Algemene Bevoegdheidsraad die legitimasië kan herstel.
- 66.4.3 Herstel in diens van die gemeente/kerkverband kan alleen geskied na suksesvolle appèl en indien die appèlliggaam so beslis.
- 66.4.4 'n Gelegitimeerde wie se legitimasië deur tug- en/of dissiplinêre optrede beëindig is, kan slegs na *colloquium doctum* by 'n eksamenkommissie en na aanbeveling van 'n kuratorium deur die Algemene Bevoegdheidsraad opnuut gelegitimeer word (vergelyk *Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord en Proponente*).
- 66.4.5 In die geval van beëindiging van legitimasië deur tug- en/of dissiplinêre handeling as gevolg van ergerlike sondes/wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meened, diefstal of na beëindiging van legitimasië as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasië alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke kerkvergaderinge ontvang is, deur die Algemene Sinodale Moderamen op aanbeveling van die Algemene Bevoegdheidsraad, verleen word.

HOOFSTUK 6 BETREKKINGE VAN DIE KERK NA BUITE

6.1 Kerk en staat

Artikel 67

- 67.1 In die lig van Romeine 13 erken die Kerk die staat as 'n dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf.
- 67.2 Die Kerk erken dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die Kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.
- 67.3 Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die Kerk sy reg op vryheid van godsdiens, wat sy Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak hy aanspraak op die regsbeaalde beskerming van die owerheid.
- 67.4 Die Kerk nader staatsowerhede op alle vlakke op 'n ordelike wyse. Hierdie skakeling word gedoen deur sy erkende kerkvergaderinge of die kommissies wat hulle daarvoor aanwys. Skakeling oor sake wat die Kerk in sy algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode of sy betrokke kommissie. Skakeling sonder 'n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die betrokke kommissie in oorleg met die Algemene Sinodale Moderamen (vergelyk Artikel 43.1.3 van die *Kerkorde* en die voetnota).

6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging

Artikel 68

Waar moontlik, verleen die Kerk steun aan maatskaplike, nie-kerklike organisasies wat op 'n positiewe Christelike basis georganiseer is en daarop gemik is om die Koninkryk van God te bevorder. Hierdie steun geskied vanuit 'n kerklike perspektief en op 'n kerklike wyse. Die vraag of 'n bepaalde organisasie kan aanspraak maak op die steun van die Kerk, hang af van sy grondslag en doelstellings en die uitlewing daarvan in die praktyk.

6.3 Kerk en onderwys

Artikel 69

- 69.1 Die Kerk beywer hom daarvoor dat die Woord van God en Protestants-Christelike norme en waardes rigtinggewend sal wees in onderwys- en opvoedkundige instellings en ook vir die kultuuridoom waarin die onderwys plaasvind.

- 69.2 Die Kerk erken die interne bevoegdheid van onderwysinstellings om tipiese onderwysaangeleenthede (standaarde, leerinhoude, ensovoorts) te finaliseer.
- 69.3 Die Kerk beywer hom vir Christelike opvoeding en onderwys vir sy kinders en jongmense. Hierdie onderwys moet verantwoorde standarde en leerinhoude insluit.
- 6.4 Kerk en ekumeniese betrekking

Artikel 70²⁹

- 70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van sy vergaderinge op 'n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke saam te werk, 'n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.
- 70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die betrekkinge met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van 'n gewone meerderheidstem.
- 70.3 Die graad en wyse van samewerking word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.
- 70.4 Die besluit oor 'n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van 'n ekumeniese organisasie word geneem met 'n tweederde-meerderheidstem van die Algemene Sinode.

²⁹ Vergelyk die *Reglement vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe*.